AMOS agrimin

40 Dae Gebedsfokus

Landbou-Transformasie en Grondhervorming



Afrikaans

Hierdie **Gebedsfokus** bevat 40 dagstukkies wat direk in verband staan met landbou-transformasie en grondhervorming. Die inhoud word op verskeie maniere aangebied: leerstellig, stories, getuienisse, voorbeelde, praktiese toepassings en geloofsverklarings. Dit bied aan die leser duidelike bybelse riglyne aan die hand waarvan hy/sy kan bid.

Naas gebed, is die doel van die Gebedsfokus ook om die gesprek oor grondhervorming positief te beïnvloed en gelowiges toe te rus om saam na wen-wen-oplossings vir die vraagstuk te soek.

Ten diepste word die leser uitgedaag om:

- ⇨ met God in gesprek te tree oor landbou-transformasie en grondhervorming;
- ⇨ te luister wat God sê
- ⇨ en dit dan in die geloof te gaan doen.

Die voorblad sê alles!

AMOS
agrimin

Inhoudsopgawe

Ons grootste geleentheid		Bl	2
Agtergrond		Bl	5
Deel 1	Fondasie vir transformasie	Bl	6
Deel 2	Grondhervorming: Enkele vereistes in ons soeke na antwoorde	Bl	24
Deel 3	Die toepassing van *God's way*-Beginsels op Landbou-transformasie en die Proses van Grondhervorming	Bl	41
Standpunt		Bl	80
Terugvoer		Bl	84

Redakteur
Hennie Viljoen

Buiteblad-Ontwerp
UtsWorld.net

Taal- en gehaltebeheer
Hannetjie Theron
Cilna Maritz

Bladuitleg
Sunette Frylinck

Uitgegee deur
AMOS AGRIMIN

ISBN: 978-1-920138-31-8

Ons grootste geleentheid!

Ons as landbouers staan voor die grootste geleentheid in ons land se geskiedenis. Ons kan geskiedenis maak, in plaas daarvan om slagoffers van die geskiedenis te word. Deur mooi na die Here te **luister** en Hom dan van harte te **gehoorsaam**, kan en sal ons landbou radikaal verander en op 'n nuwe pad sit wat die wêreld verstom. God sal die doodsangs en pyn wat ons as gevolg van uiteenlopende redes tans in die landbou ervaar, in geboortepyne verander. Geboortepyne is nié die begin van die einde nie, maar die begin van 'n nuwe begin, 'n nuwe lewe, 'n nuwe toekoms.

Ons staan voor 'n vurk in die *grond*pad. Dis 'n *kairos* oomblik (die regte en beslissende tyd) vir landbou. Ons het **nóú** die geleentheid om goeie keuses te maak en die regte besluite te neem. Ons het nóú die geleentheid om God op sy woord te neem en die wonders te ervaar wat Hy in sy Woord beloof om vir sy gehoorsame kinders te doen. Óf, ons kan besluit om te bly staan waar ons nou is, omdat ons twyfel of God in staat is om sy beloftes na te kom en ons ware oorwinnaars te maak. Maar dan gaan ons al die wonderlike nuwe ervarings met God mis en weer deur doodsangs oorval word. Wanneer ons dan later wel besluit dat dit beter sou wees om na die Here te **luister** en Hom te **gehoorsaam**, kan dit te laat wees. Dis wat met Israel gebeur het (Numeri 13-14. Let op 14:39-45). 40 Jaar later sou die volgende geslag eers weer die geleentheid kry om dit wat God beloof het, in besit te neem en sy wonderdade te beleef.

Ek het baie gebid oor die *kairos* oomblik in die landbou. Ek wou, en wil steeds hoor wat die Here sê. Dit is die antwoord wat ek tot nou toe gekry het:

1. **Daar wag op ons as landbouers 'n gevaarlike tyd – óf omdat ons gehoorsaam is aan die Here, óf omdat ons ongehoorsaam is.**

   Die Here sê dat ons **gevaarlik gehoorsaam** aan Hom moet word. Die tyd om veilig te speel, is verby. Ons gehoorsaamheid moet ons vat tot op die punt dat ons in lewensgevaar is as God ons nie op 'n bo-natuurlike manier help nie. Dink aan Moses. Met die see voor hom en die hele Egiptiese leër agter hom, was hy in lewensgevaar (Eksodus 14; lees ook Hebreërs 11:24-27). Dink aan Abraham. Hy was bereid om sy enigste seun op die altaar

te plaas. As God nie ingegryp het nie, was Abraham se nageslag en dus sy hele toekoms daarmee heen (Genesis 22). Dink aan Gideon. In opdrag van die Here trek hy met 300 man op teen 'n oormag van meer as 30 000 Medianiete. Dit was lewensgevaarlik (Rigters 6-7). Dink aan Josafat se gehoorsaamheid. Hy demonstreer sy vertroue op God se beloftes deur koorsangers heel voor in die oorlog te laat loop (2 Kronieke 20). Menslik beoordeel, nie 'n baie slim ding om te doen nie.

As die Here nie ingegryp het en wonders gedoen het nie, was dit klaar met al hierdie manne! Vir hulle almal was dit lewensgevaarlik om God te gehoorsaam, maar hulle het! Daarom het hulle beleef dat NIKS vir God onmoontlik is nie.

Dink ook aan Jesus. Sy gehoorsaamheid het inderdaad tot sy dood gelei (Filippense 2:5-8), maar terselfdertyd die bose oorwin en ons meer as oorwinnaars gemaak.

Die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur probeer ons voortdurend intimideer om nie aan God gehoorsaam te wees nie. Maar hulle is mos klaar oorwin (Johannes 16:33). Daarom verwag die Here van ons dat ons sal doen wat Hy sê, *al **lyk** dit lewensgevaarlik.* Hy is meer as bereid om tekens en wonders te doen om ons te help, te red en te beskerm. Hy maak dit altyd vir sy kinders moontlik om sy opdragte uit te voer, ook dié opdragte wat op die oog af gevaarlik lyk.

Die Here het my egter ook daaraan herinner **dat ongehoorsaamheid lewensgevaarlik is.** Dink aan die profeet Jeremia. Toe die Here hom geroep het, het sy stem nog nie eers gebreek nie. Hy was nog sommer 'n kind. Maar sy verskonings het geen indruk op die Here gemaak nie. Hý het Jeremia toegerus vir sy taak en vir hom gesê: Maak klaar, staan op, sê vir hulle alles wat Ek jou beveel. Moenie vir hulle skrik nie, want dan verpletter Ek jou voor hulle oë (Jeremia 1:17). Lees gerus die hele Jeremia 1. As Jeremia hom sou laat intimideer en sou waag om ongehoorsaam te wees, sou die Here self teen hom wees. En dít is lewensgevaarlik om die Here teen jou te hê.

Die keuse is in ons hande, sê die Here. Skynbare lewensgevaar omdat ons gehoorsaam is, óf lewensgevaar omdat ons ongehoorsaam is.

2. **Dit gaan alles oor die lof en eer van God!**

God wil graag voor die oë van die hele wêreld geëer word deur ons gehoorsaamheid. Hy wil hê die wêreld moet verstom en verbaas staan oor sy mag en sy vermoë om ingewikkelde landbouprobleme op te los en 'n mooi toekoms vir alle landbouers te skep. Maar as ons sou kies om Hom nie te gehoorsaam nie, gaan Hy self sy eer beskerm deur ons voor die oë van die wêreld baie hard tot verantwoording te roep. Hy kan nie stilbly as sy kinders, net soos die wêreld, hulle nie aan Hom steur nie. Dan sou die afleiding gemaak kon word dat God ook soos ons, die mens is. Lees Psalm 50!

Weereens is die keuse in ons hande! Gaan óns sorg vir God se eer deur te doen wat Hy sê? Of wil ons hê Hy moet self sorg vir sy eer? Moet Hý ons op allerlei pynlike maniere tot verantwoording roep in 'n poging om ons te oortuig om na Hom terug te keer (Amos 4:6-13)? Of gaan ons nóú opstaan en radikaal gehoorsaam wees?

Wat God wil hê, is duidelik uit skrifgedeeltes soos Deuteronomium 30:19 en Esegiël 18:30-32. Hy hou die dood en die lewe aan mense voor, die seën en die straf. Dan pleit Hy by die mens om tog die lewe en die seën te kies. Dít is sy wil vir die mens. Dit is sy wil vir elke landbouer.

Die inhoud van hierdie 40 dagstukkies is eintlik baie eenvoudig. Die voorblad sê alles: Jy word uitgedaag om met God oor landbou-transformasie en grondhervorming in gesprek te tree. **Luister** wat Hy sê en wees dan **gehoorsaam!** Die alternatief is selfvernietigend. Daarom pleit ek by jou, ek smeek jou, ek doen 'n beroep op jou in die Naam van Jesus: Kom ons luister na die Here! Kom ons eer ons Koning voor die oë van die wêreld deur absolute gehoorsaamheid aan Hom! Kom ons gee God die geleentheid om sy grootheid, sy wysheid en sy mag te demonstreer. Ons kán van grondhervorming 'n sukses maak, want NIKS is vir God onmoontlik nie.

Hennie Viljoen

Agtergrond

Reeds in 2003 het *AMOS* 'n studiestuk oor grondhervorming uitgegee. Die titel was: ***GRONDHERVORMING – 'n Christelike standpunt en optrede.*** Dit was 'n eerste poging met die doel om enkele gedagtes en perspektiewe op die tafel te plaas ten einde die gesprek oor grondhervorming in landboukringe, onder Christenboere en in die kerk te stimuleer. Gedurende **2004** het ons tydens die ***40-Dae Gebedsfokus op die Landbou*** ook by grondhervorming stilgestaan. Beide hierdie studiestukke is steeds uiters relevant en landbouers wat ernstig is in hulle soeke na antwoorde en oplossings vir die nasionale grondkrisis, behoort moeite te doen om dit gratis van *AMOS* se webwerf af te laai en dit deeglik te bestudeer. Die volledige inhoud van daardie studies kan nie hier herhaal word nie. **Besoek http://www.amosafrica.net/sa/ en kliek op "40 Dae Gebedsfokus"**

Sewe jaar later het ons, as gevolg van wyd uiteenlopende redes, nog nie veel gevorder met die proses in Suid-Afrika nie. Aan die begin van Julie 2010 het president Zuma self gesê dat meer as 90% van die grondhervormingsprojekte in die landbou nie as 'n sukses beskryf kan word nie. Ten spyte van die talle mislukte projekte word die druk egter groter dat die pas van grondhervorming versnel moet word om doelwitte te bereik. Die minister van Landbou, Me Tina Joemat-Pettersson sê in die Beeld van 15 Mei 2010 dat daar 'n dooiepunt bereik is tussen boere en die staat. *"Die boere skop vas, maar iewers sal hulle moet besef watter ernstige saak die grondkwessie is. Want as ons nie oppas nie, of die saak na 'n kant toe dryf nie, sit ons met 'n Zimbabwe-situasie in die land. Wat daar gebeur het, gaan hier gebeur as grond nie herverdeel word nie. Dit gaan Zimbabwe soos 'n teddiebeer-piekniek laat lyk."* Sy gaan voort deur te sê: *"Almal skop teen die idee van nasionalisering, maar niemand kom met oplossings nie. Niemand kom met ander voorstelle of modelle nie... En wat gaan dan gebeur? Nasionalisering gaan gebeur."*

Dit is dus in belang van die Koninkryk van God, asook in nasionale belang dat Christene aktief betrokke moet raak by grondhervorming, maar ook by die omvattende transformasie van landbou. LEEF EN BOER SOOS GOD WIL *(Living and Farming God's Way),* moet doelgerig nagestreef en in gehoorsaamheid aan God geïmplementeer word.

Hennie Viljoen

DEEL 1
FONDASIES VIR TRANSFORMASIE

Dag 1
Jy móét seker wees!

Lees: Romeine 3:20-27 en 1 Johannes 5:11-13

Dink aan die bekende Woordelose Boekie (jy kan dit by *AMOS* bestel) met sy ses kleure, of die Suid-Afrikaanse landsvlag: goud, swart (vuil), rooi, wit (skoon), groen en blou. Die ses kleure kan gebruik word om die boodskap van die Bybel aan mense te verduidelik.

Goud: Daar is net een ware **God** (die Koning), en Hy het ons lief;
Swart (vuil): Maar ons almal het **gesondig** en kan onsself nie red nie;
Rooi: Daarom het God sy Seun, **Jesus** gestuur om ons te red;
Wit (skoon): Almal wat in Jesus **glo kan seker wees** dat hulle gered is;
Groen: Kinders van God moet **groei** en al meer soos Jesus leef;
Blou: Jesus **kom weer** om sy kinders te kom haal.

Die **volgorde** van hierdie kleure is uiters belangrik. Die **rooi** bladsy kom vóór die **skoon** en die **groen** bladsy. Ek en jy word éérs uit genade deur geloof in Christus Jesus gered (Romeine 3:20-27). Dán kan jy seker wees dat jy 'n kind van God is en dat jy 'n nuwe mens met 'n nuwe identiteit is (1 Johannes 5:11-13 en 2 Korintiërs 5:17-18a). Dáárna kom die groen bladsy wat praat van geestelike groei en van die nuwe manier waarop kinders van God uit dankbaarheid leef (Efesiërs 4:23 tot die einde van die boek)! Nuwe mense met 'n nuwe identiteit kán op 'n nuwe manier leef, omdat Christus deur sy Gees in hulle woon. Maar dié manier van leef is dikwels vir die wêreld vreemd en onverstaanbaar.

Baie mense ruil egter die kleure van die Woordelose Boekie om. Hulle sit die groen bladsy voor die rooi en die skoon bladsy. Jy moet eers 'n klomp goeie goed doen, dan sal jy gered word, sê hulle. Jy moet aanhou presteer, anders kan jy nooit seker wees dat jy in die hemel gaan kom nie. Deur goeie werke te doen moet jy jouself opwerk van die aarde af tot in die hemel. Omdat jy nooit weet of jy al genoeg gedoen het nie, moet jy maar hoop vir die beste. So verander hulle die goeie nuus van die Evangelie weer in slegte nuus deur 'n godsdiens van werke te verkondig (Romeine 9:30 tot 10:4)!

Voordat jy aangaan, beantwoord eers die volgende vrae:

- ✓ Is jy seker dat jy gered is?
- ✓ Op grond waarvan sê jy so?

As jy nie seker is nie, kry hulp en maak seker. "Kyk, nou is die regte tyd, nou is dit die dag van redding" (2 Korintiërs 6:2b). Moenie die liefde wat God aan jou bewys het, ignoreer nie. Moenie in vrees en onsekerheid bly lewe nie. Hy wil jou absolute sekerheid gee.

Landbou-transformasie begin by landbouers se absolute sekerheid dat hulle gered, vrygespreek en nuut gemaak is! Môre praat ons oor die nuwe identiteit van God se kinders.

Gebed:

✝ Bid vir die redding en geloofsekerheid van almal wat deel is van die landbougemeenskap: werkgewers en werknemers; mans, vroue en kinders.

Dag 2
Ons nuwe identiteit in Christus!

Lees: 2 Korintiërs 5:17-18a

Toe die Israeliete voor Goliat gestaan het (1 Samuel 17), het hy hulle intimideer en hulle vrees vir dié reus het dag vir dag groter geword. Hulle het vergeet dat hulle aan God behoort en dat sy krag tot hulle beskikking is. Dawid, kleiner en jonger as hulle almal, het egter geweet wie hy is (gekies, gesalf en toegerus as koning – 1 Samuel 16:13) en dat hy op grond van sy identiteit op God se hulp kan reken (1 Samuel 17:37 en verse 45-48). Wanneer ons voor groot uitdagings soos landbou-transformasie en grondhervorming staan, moet jy weet wie jy is en watter hulp tot jou beskikking is, anders gaan vrees jou oorrompel en teleurstellings jou knieë lam maak.

Eers is jy uit twee mense gebore, jou ma en pa. Daarom is jy 'n mens van vlees en bloed. Mense van vlees en bloed is almal sondaars omdat Adam ongehoorsaam was (Romeine 5:18-19). Hulle verstaan nie die dinge van die Gees nie: Hulle kan nie die wil van God doen nie en begeer altyd alles wat

lynreg staan teenoor dit wat die Gees graag wil hê (1 Korintiërs 2:14-15 en Romeine 8:5-8, asook Galasiërs 5:16-17).

Maar kinders van God is nuwe mense met 'n nuwe identiteit, nie op grond van hoe anders hulle lewe nie, maar op grond van die feit dat hulle 'n tweede keer gebore is. Die Woord sê hierdie tweede geboorte is 'n geboorte van bo af, 'n geboorte uit die Gees, 'n geboorte uit God (Johannes 3:1-2 en Johannes 1:12-13).

Die Woord leer ons: Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God (2 Korintiërs 5:17-18a).

Almal wat van bo af, uit God en uit die Gees gebore is, besit 'n nuwe identiteit:

- ✓ Hulle is kinders van God (Johannes 1:12);
- ✓ Hulle is lede van 'n nuwe huisgesin, 'n nuwe volk en 'n nuwe koninkryk – die gesin, volk en koninkryk van God (Efesiërs 2:19; Efesiërs 1:11-14 en Filippense 3:20);
- ✓ Christus woon deur sy Gees in hulle (Romeine 8:10);
- ✓ Hulle lewe is saam met Christus veilig weggebêre in God (Kolossense 3:3);
- ✓ Omdat hulle een met Christus is, word sy geregtigheid en gehoorsaamheid hulle toegereken (aan hulle gegee) sodat hulle in God se oë nou net so regverdig en gehoorsaam is as wat Jesus was (1 Korintiërs 1:30);
- ✓ Al hulle sonde is eens en vir altyd klaar vergewe (Hebreërs 10:14);
- ✓ Hulle verhouding met God is heeltemal herstel (Romeine 5:1);
- ✓ Hulle is heeltemal vry en daar is niks wat hulle kan of hoef te doen om God se liefde en guns te wen nie (Hebreërs 10:17-18);
- ✓ Daar is niks en niemand wat hulle kan aankla of veroordeel nie. Die skuldbewys met al sy eise teen hulle, is deur Chrisus aan die kruis vernietig. Omdat die klagstaat nie meer bestaan nie, is hulle deur God vrygespreek (Romeine 8:1 en 8:31-34, asook Kolossense 2:13-14);
- ✓ Hulle is heilig - afgesonder vir, en toegewy aan God (Romeine 1:7);
- ✓ Hulle besit reeds die ewige lewe en het reeds saam met Christus 'n plek in die hemel (Efesiërs 2:6).

Dis ons ware identiteit. Ons het nie vir onsself vervalsde ID-boeke gekoop om voor te gee dat ons iemand is wat ons nie is nie. God, wat nie kan lieg nie, het hierdie nuwe ID-boeke aan ons uitgereik op grond van wie ons nou werklik is: Nuwe mense op grond van ons geboorte uit Hom.

Mense met hierdie nuwe ID-boekies is vreemdelinge hier op aarde en daarom tree hulle vreemd en onverstaanbaar op vir mense wat nie die Gees van God het nie (1 Petrus 1:1 en 4:4). Maar omdat God se kinders sien wat die wêreld nie sien nie; hoor wat die wêreld nie hoor nie en glo wat die wêreld weier om te aanvaar, het hulle antwoorde en oplossings vir probleme en uitdagings waarna die wêreld smag.

Aanvaar jou nuwe identiteit en leef daarvolgens, soos Dawid in 1 Samuel 17:45ev.

Gebed:

- † Bid dat Christen landbouers hulle nuwe identiteit in Christus sal verstaan en daarvolgens sal leef.
- † Bid onderstaande gebed vir die res van die 40 dae:

  Here, wys my wat ek moet sien;
  Leer my wat ek moet weet;
  Sê vir my wat ek moet doen;
  Maak my wat ek moet wees, u Beeld.

As Christen landbouers glo ons op grond van die Woord dat transformasie op 'n persoonlike vlak begin. Landbouers moet deur Christus gered, vrygespreek en nuutgemaak word. Hulle moet bewus wees van hulle nuwe identiteit in Hom en in ooreenstemming daarmee leef.

Dag 3
Voorregte op grond van ons identiteit!

Lees: Jeremia 33:3 en Jakobus 1:5-8 en 3:13-18

God se kinders geniet baie voorregte. **Hulle nuwe identiteit gee hulle toegang tot <u>plekke</u> én <u>inligting</u> én <u>ondersteuning</u> wat ander nie het nie.** Dit stel hulle in staat om iets van die hemel nou reeds 'n werklikheid op die aarde te maak. Van watter plekke, inligting en ondersteuning praat ons?

Plekke:

- ✓ Hulle het direkte toegang tot die troon van God (Hebreërs 10:19-20);
- ✓ Hulle het reeds 'n plek in die hemel (Efesiërs 2:6; Kolossense 3:1-3);

Inligting:

- ✓ Die Heilige Gees ken die diepste geheimenisse en die verborge dinge van God. Maar Hy woon ook in God se kinders en maak aan hulle bekend wat hulle moet weet en doen (1 Korintiërs 2:10-16 en Johannes 14:26 en 16:13, asook 1 Johannes 2:27 en Psalm 25:12-15);
- ✓ God se kinders sien die onsienlike, die groter prentjie, die ware toedrag van sake. Daarom hoef hulle nie verward en benoud te raak nie (2 Konings 6:17; Daniël 2:24-26; 2 Korintiërs 4:16; Hebreërs 12:1-3 en die hele Openbaring aan Johannes);
- ✓ God se kinders beskik oor wysheid wat direk van Bo kom (Jakobus 3:13-18). Daarmee kan hulle 'n einde maak aan konflik, wanorde en onreg. God leer hulle ook hoe om die kwaad met die goeie te oorwin (Romeine 12:21);
- ✓ Die strategie en planne van die vyand, die duiwel en die wêreld, word vooraf aan God se kinders bekend gemaak en die wapens hoe om die bose te oorwin, is tot hulle beskikking (2 Korintiërs 2:11 en 10:3-5);
- ✓ Hulle weet hulle is nie geroep om te oorleef nie, maar te oorwin (Romeine 8:37 Openbaring 2:11, 17, 28 ens. en 12:11). Hulle weet wat die eindtelling is, ongeag hoe die telbord nou lyk. Jesus se vyande sal soos mis voor die son verdwyn wanneer Hy verskyn (2 Tessalonisense 2:8 en Romeine 16:20);
- ✓ Hulle hoef nooit raadop te wees nie, want God, wat self geen raadgewers nodig het nie (Romeine 11:33-36), is altyd gereed om vir hulle raad te gee (Jeremia 33:3; Genesis 41:33-40).

Ondersteuning:

- ✓ Die Gees van God wat in sy kinders woon, is dieselfde Gees wat Christus as mens toegerus het vir sy bediening (Jesaja 11:2 en Lukas 3:21-22 en 4:1);
- ✓ God se kinders is tot alles in staat deur Christus wat hulle krag gee (Filippense 4:13). Trouens, deur God se krag wat in hulle werk, is Hy magtig om oneindig meer te doen as wat hulle bid of dink (Efesiërs 3:20);
- ✓ Hulle het buitengewone selfvertroue, omdat hulle weet dat alle mag in die hemel en op aarde aan Jesus behoort, en dat Hy elke dag en in alle omstandighede met hulle is (Matteus 20:18-20). "Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is" (1 Johannes 4:4 in die 1933/53 Afrikaanse Vertaling);
- ✓ Dan is daar nog die miljoene engele wat gereed staan om God se kinders te help en te dien (Handelinge 12:6-10 en Hebreërs 1:13-14).

Ons het dus toegang tot die hemel, al die kennis en wysheid van die Gees, die volle krag en ondersteuning van Jesus Christus die Oorwinnaar, asook die hulp en beskerming van sy engele. Ongelukkig maak baie Christene nie gebruik van hierdie voorregte nie. Daarom sukkel hulle om 'n verskil in die wêreld te maak.

Voordat jy aangaan, beantwoord eers hierdie vraag: Benut jy die voorregte wat jy op grond van jou nuwe identiteit het, om God se koninkryk in die landbou te vestig?

Gebed:

† Bid dat Christenlandbouers die voorreg wat hulle het van toegang *tot plekke* *én* *inligting* *én* *ondersteuning* wat die wêreld nie het nie, sal gebruik om Christus se koningskap 'n werklikheid in die landbou en landbougemeenskap te maak.

Dag 4
Voorregte bring verantwoordelikheid!

Lees: Matteus 6:9-10, asook 6:33

Al die voorregte wat die Here aan sy kinders gee, plaas 'n groot verantwoordelikheid op hulle. Ons moet die vrye toegang tot plekke, inligting én ondersteuning wat ons op grond van ons nuwe identiteit gekry het, gebruik om landbou te transformeer. God se wil moet so volledig in die landbou geskied, soos in die hemel. **Ons getuienis en voorbeeld moet al hoe meer landbouers oortuig dat LEEF EN BOER SOOS GOD WIL *(Living and Farming God's Way)* die beste werkbare en volhoubare plan vir die landbou is.**

Dis ons verantwoordelikheid om gedurig die dinge daarbo te bedink, daar waar Christus is (Kolossense 3:1-3). Ons moet oor die hemel dink sodat ons kan weet hoe om op die aarde te leef. Ons moet in die hemel rondkyk (ons het mos reeds daar 'n plek saam met Christus) om te sien hoe dinge daar werk. Dan sal ons weet hoe dit veronderstel is om op die aarde te werk.

Dis ons verantwoordelikheid om te vra as ons nie weet hoe om ons pyn-verleenthede in groei-geleenthede te omskep nie. Te vra as ons nie weet hoe om ingewikkelde vraagstukke soos grondhervorming te hanteer nie. Onkunde is nie 'n verskoning nie. God weet alles en Hy is meer as bereid om aan ons sy planne en oplossings bekend te maak.

Dis ons verantwoordelikheid om tot seën vir die landbou, vir Suid-Afrika, Afrika en die wêreld te wees. Abraham en sy nageslag is immers geroep om 'n seën vir die nasies te wees (Genesis 12:2-3). Ons moet genoeg voedsame, gesonde en veilige kos op 'n volhoubare en ekologies vriendelike manier produseer sodat mense seker kan wees van kos op die tafel. Ons moet die landbougemeenskap bedien met insigte, antwoorde en oplossings vir moeilike vraagstukke en groot uitdagings. Die Here gee graag hierdie insig aan sy kinders (Psalm 119:98-100).

Deur al hierdie voorregte aan ons te gee, maak God dit vir ons moontlik om ons roeping te vervul en sy koninkryk in die landbou te laat kom. (By Dag 16

praat ons weer oor die Koninkryk.) Ons nuwe identiteit en gepaardgaande voorregte stel ons in staat om goeie transformasie-agente vir God te wees. Kom ons LEEF EN BOER SOOS GOD WIL.

Dis ons verantwoordelikheid om aan te meld vir diens. Ons moet beskikbaar wees vir God se plan.

Gebed:

† Bid dat Christen landbouers hulle voorreg van toegang tot plekke, inligting en ondersteuning wat ander nie het nie, sal gebruik om God se koninkryk in die landbou te vestig.

Dag 5
Gehoorsaam die Here en Koning!

Lees: Lukas 1:38 en 6:46

Die Bybel is die Woord van die Koning! Maar een van die groot probleme vandag is dat mense dink die Woord van die Here is 'n klomp stories en aanbevelings waarmee hulle kan maak wat hulle wil. Die onderliggende rede vir hierdie valse oortuiging is die feit dat Jesus as Verlosser aanvaar word, maar nie Koning gemaak word nie.

In Lukas 6:46 sê Jesus dat dit géén sin maak om Hom as Here aan te spreek sonder om Hom te gehoorsaam nie. Hy is die Here, Hy móét gehoorsaam word. Die Nuwe Testament verwys meer na Jesus as die Here, as wat dit na Hom verwys as Verlosser. In Handelinge word Hy 2 keer Verlosser genoem, maar 92 keer Here. In die Nuwe Testament word 24 keer na Hom verwys as Verlosser, maar 747 keer as Here (Inligting uit die *Een-tot-Een-handleiding vir persoonlike opvolg en dissipelskap* deur Steve Murrell). Jesus kan nie verdeel word nie. Hy is Verlosser én Here! As Hy nie jou Here is nie, is Hy ook nie jou Verlosser nie. As Hy jou Verlosser is, ís Hy ook jou Here en Koning! Dan lei Hy jou op die regte pad, tot die eer van sy Naam (Psalm 23:3b). Dan móét jy Hom in alles gehoorsaam. Dan móét jy beskikbaar wees vir sy plan. Dan móét jy ophou om jóú koninkryk te probeer bou, en jou beywer vir die koms van sý Koninkryk.

Kom ons maak dit baie duidelik: Dit gaan nie oor my en jou landbouplan nie, maar oor God se plan! Dit gaan nie oor my en jou identiteit as Afrikaner, Xhosa, Zoeloe of Bruinmens nie, maar oor ons nuwe identiteit in Christus. Dit gaan nie oor my persoonlike belang of die belang van my etniese volk nie, maar oor die belang van God se koninkryk – in die landbou. Ons het nie die reg om sy opdragte as opsionele aanbevelings of versoeke te hanteer nie. Dis bevele van die Koning! Dit sal baie jammer wees as iemand dink sy bevele is onbillik (vgl. Deuteronomium 4:8; Nehemia 9:13; Matteus 25:24-30 en 1 Johannes 5:3-4).

Landbou-transformasie begin waar landbouers afstand doen van hul eie planne en eie belange, asook hulle voorkeure en vooroordele, om in volle oorgawe voor die Koning te buig. Landbou-transformasie begin waar landbouers saam met Christus gesterf het en dood is vir selfsug, eie belang, gierigheid, uitspattigheid, hoogmoed, baasspelerigheid, verwaandheid, beterweterigheid, rassisme, liefdeloosheid, onsedelikheid en gevloek. Dit begin waar hulle met Christus opstaan uit die dood om nét vir God te lewe (Romeine 6:10-11).

Landbou-transformasie begin wanneer landbouers saam met Asaf in Psalm 73:25 uitroep en sing: Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie (niks wat ek meer begeer nie).

Gebed:

† Bid dat landbouers, soos Maria in Lukas 1:38, hulle tot beskikking van God sal stel, sodat Hy sý plan deur hulle tot uitvoer kan bring.

Dag 6
God wil verhoudings herstel.

Lees: Johannes 17:21-23 en Kolossense 1:15-22

Ons dink dikwels Jesus het net mense met God kom versoen. Maar Hy het méér as mense met God versoen. Hy het alles op die aarde en in die hemel met God versoen (Kolossense 1:19-20), ook die tuin/landbou (Openbaring 22:1-5).

God wil alle verhoudings wat oorspronklik goed was, *weer herstel!* Kom ons begin by Genesis 1.

God het die mens geskep om vir ewig binne 'n verhouding met Hom en met mekaar te leef. 'n Verhouding gekenmerk deur liefde en eenheid. Rondom die mens het Hy 'n pragtige tuin aangelê waarvan die mens sonder moeite genoeg kon kry om te eet. Soos alles wat God geskep het, was die mens se verhouding met God, met mekaar en met die tuin, baie goed. Presies soos God dit wou gehad het.

Hierdie intieme verhouding is deur die sonde en ongehoorsaamheid van Adam en Eva verbreek. Maar dit kon nie 'n einde maak aan God se liefde vir die mens nie. Hy wil steeds hê dat mense Hom en mekaar sal liefhê (Matteus 22:37-40). Daarom het Hy sy Seun gestuur sodat almal wat in Hom glo, weer in hierdie ewige en intieme verhouding met Hom en met mekaar herstel kan word (Johannes 3:16 en 17:21-23, asook 1 Johannes 4:7-21).

God se oorspronklike doel was **liefde en eenheid.** Sy doel met Jesus se koms was die herstel van hierdie liefde en eenheid tussen Homself, die mens en die skepping. Dit is steeds die saak waarvoor Hy óns ook as sy medewerkers wil hê: vir die herstel van liefde en eenheid tussen God, mens en skepping.

God gee om vir jou! Hy gee om vir Landbouers! Hy gee om vir die landbou! Jy kan seker wees dat alles wat Hy van jou vra, ten doel sal hê om die liefde en eenheid te herstel en te bou. Jy hoef dus nie bang te wees om jouself tot sy beskikking te stel nie.

Landbou-transformasie vind plaas wanneer ek en jy God se medewerkers word in die herstel en bou van verhoudings tussen God, die mens en die skepping.

Gebed:

✝ Bid vir die herstel en bou van verhoudings tussen:

- ✓ Die landbougemeenskap en God;
- ✓ Mense in die landbougemeenskap onderling;
- ✓ Landbouers en die skepping.

Dag 7
Jou roeping is om te boer!

Lees: Genesis 1:27-28; Jesaja 28:23-29 en Kolossense 3:22 - 4:1

Vir die kind van God is landbou-transformasie die proses om alles in die landbou wat nie in lyn met God se wil is nie, te verander om dit in lyn met God se Woord te bring. Maar dié proses word bemoeilik deur ’n paar ***verkeerde opvattings*** by baie, selfs Christen landbouers. Byvoorbeeld: Die opvatting dat die werklikheid uit twee dele bestaan en dat net die geestelike deel God se terrein is. Die opvatting dat die werk van die Here beperk is tot dit wat in en rondom die kerk plaasvind. Die opvatting dat God minder besorg is oor die welsyn van die landbou as die welsyn van die kerk. Die opvatting by baie dat God meer belangstel in die redding van siele as in kos op die tafel van honger mense. Die opvatting dat boere die landbou moet verlaat indien hulle voltyds vir die Here wil werk. En so kan ons aangaan. Solank ons vashou aan hierdie verkeerde opvattings, gaan ons sukkel om landbou te verander na ’n bedryf waar almal LEEF EN BOER SOOS GOD WIL.

Die waarheid is: Boere word ook deur die Here geroep om te boer, net soos wat onderwysers geroep word om onderwys te gee en ouderlinge geroep word om gemeentes te bedien. Die roeping van landbouers is uniek. Dis anders as die van predikante en pastore, maar dis beslis nie minder heilig of minder belangrik nie. Dis óók ’n roeping om die koninkryk te bou (sien Dag 16). Dis óók ’n voltydse bediening, elke dag van die week, die hele dag! Dis net die plek wat verskil. Boere doen hulle bediening op die plaas en in die landbou. ’n Pragtige land mielies verkondig ook die lof en goedheid van die Here, net soos ’n singende gemeente. Die herstel van ’n vertrapte stuk grond getuig net so van God se genade as die genesing van ’n siek persoon. Die volhoubare produksie van genoeg, aantreklike, veilige voedsel met ’n hoë voedingswaarde op ’n ekologies-vriendelike manier, lei beslis daartoe dat God gedank en geprys word. Dis die roeping van ons as landbouers. Ons moet toesien dat mense God dank vir genoeg kos en klere, en dat die natuur nie sy vermoë om God te loof, deur ons toedoen en as gevolg van ons boerderymetodes, verloor nie. Indien ons hierin slaag, is ons goeie rentmeesters van dit wat God aan ons toevertrou het.

Gebed:

† Bid dat landbouers hulle boerdery as ’n Goddelike roeping sal verstaan en daarom daarna sal streef om te LEEF EN BOER SOOS GOD WIL.

Dag 8
Jou boerdery is ’n bedieningsgeleentheid!

Lees: Jeremia 29:11 en Jakobus 2:14-17

Deesdae word daar algemeen gepraat van ’n bediening in die markplek, in aanvulling tot ’n bediening in die kerk. Die markplek is daar waar mense daagliks werk, geld maak en brood verdien. Jou bediening in die markplek is dus ’n plaas- en landboubediening. Deur jou bediening in die markplek kan jy mense bereik en op maniere help wat die dominee/pastoor nie deur sy gemeentebediening kan bereik of help nie. Om hierdie waarheid te verduidelik wil ek jou ’n ware verhaal vertel. Om verstaanbare redes gebruik ek deurgaans skuilname, maar ek het name gekies wat tog iets van die mense sê.

Victor is reeds 19, maar was van die ouderdom van 9 jaar af aan drank en dwelms verslaaf. In die gemeenskap het sy naam gestink, behalwe natuurlik onder dié wat hom gevolg óf misbruik het. Voordat hy jare gelede uit die skool geskors is, was sy ma, Gloria, omtrent weekliks deur die skool ontbied oor een of ander probleem wat Victor veroorsaak het. Dagga, dwelms, drank! Hy was ’n smokkelaar en is deur groot mans misbruik om hulle vuilwerk te doen. Diefstal, aanranding, verkragting en moord – alles sake waarvan hy al verdink en/of aangekla is. Hierdie minderjarige kind se naam verskyn in baie hofverslae. Almal het Victor geken – hy was *“bad news”*.

In Oktober 2009 is Passion, ’n boervrou uit die omgewing, gekonfronteer met die verwoestende effek wat dwelms op kinders het – kinders soos Victor. Sy het aandagtig na die noodkreet van Gloria, Victor se ma, geluister. Daar het ’n heilige woede in haar ontvlam. *Ons gaan dit nie aanvaar nie! In die Naam van Jesus gaan ons opstaan en veg vir ons kinders. Ons verklaar vandag oorlog teen al hierdie boosheid,* het Passion en Gloria besluit. Gloria en ’n paar ander vroue het hulle verbind om vír Victor, en téén al dié euwels te bid.

Ander mense in die distrik is ook gevra om saam te bid. Hulle wou Victor baie graag na Toevlug in Worcester stuur om gehelp te word. Maar die saak het bly sloer.

'n Paar kilometer van die dorp af was 'n ou kerkie, sonder deure en vensters. Daar is weekliks 'n interkerklike en veelrassige gebedsbyeenkoms gehou. Vroeg een oggend het almal wat bymekaar was om te bid, net Victor se naam voor die Here bly uitroep. Hulle was desperaat, en net die Here kon hulle help. 'n Boer het een van die groeplede opdrag gegee om Victor se naam groot teen die muur van die ou kerkie te skryf sodat hulle kon onthou om weekliks vir hom by die Here in te tree. Toe het dinge vinnig begin gebeur. Victor is na Toevlug vir behandeling. Vyf weke later kom hy terug, sonder drank en dwelms, maar ook sonder werk en goeie vriende. Hy het 'n tydelike werk gekry, maar dit was steeds in dieselfde gemeenskap met al die versoekings en ou vriende in die rondte. Hier en daar het Victor weer begin met sy streke, maar hy was min of meer op koers.

Die Here het al die gebede vir Victor gehoor en in hom begin werk. Eendag het hy gevra of hy saam met Passion na die gebedsbyeenkoms in die ou kerkie kan gaan. Daar getuig die mense toe hoe hulle getrou vir hom bid. Hulle bemoedig hom en hy sien sy naam staan groot teen die muur van die ou kerkie. Daardie oggend besluit Victor om die Here aan te neem.

Die volgende Vrydag was Victor se tydelike werk klaar. Maandag sou hy weer ledig wees, en ons weet ledigheid is die duiwel se oorkussing. En dit was so. Die duiwel het toegeslaan op hierdie jong bekeerling. Gloria was desparaat oor haar kind. Sy was bereid om enige iets te doen om haar kind te red. Sy en Passion het weer saam voor die Here gestaan. Wat nou? **Die Here se eer was op die spel. 'n Swak pasgebore kind van die Here was in lewensgevaar.** Kerke kon nie veel doen nie, want kerke bied nie werksgeleenthede nie. En kerke is ín die gemeenskap. Daarom kan hulle nie mense soos Victor, wie se geestelike veiligheid bedreig word, tydelik uit die gemeenskap uithaal om eers sterk en gesond te word nie.

By Passion-hulle op die plaas het die mense ook vir Victor gebid. Daarom moes hulle, het Passion skielik besef, ook bereid wees om God se medewerkers te word in antwoord op hul eie gebede. Hulle plaas, Vergelegen lê diep, soos die mense altyd sê. Byna 90 km van die dorp af.

Dis 'n alkohol en dwelmvrye plaas. Dis 'n boerdery en daarom kan dit werksgeleenthede bied. Passion het die saak met haar man en die ander personeel op die plaas bespreek. Hulle het toe saam besluit om 'n ekstra werksgeleentheid te skep om vir Victor te help. Dit alles was 'n stap in die geloof, maar 'n stap van gehoorsaamheid. Dis nou maande later en dit gaan baie goed. Victor is dol gelukkig, groei geestelik en die ander werkers leer hom 'n klomp nuwe vaardighede.

Gedurende die Paasnaweek (2010) het die mense van Vergelegen almal rondom die vuur gesit en nagedink oor wat Jesus vir hulle gedoen het. Hulle het saam Nagmaal gevier. Een het Skrifgedeeltes op mooi kaartjies geskryf en in 'n houer gegooi. Elkeen het die geleentheid gekry om 'n kaartjie te trek. Op Victor se kaartjie het Jeremia 29:11 gestaan: Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: Voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting.

Christene eien hierdie Skrif so graag net vir hulself toe. Maar God wil ook voorspoed en 'n mooi toekoms gee aan hulle wat nog *"bad news"* is. Hy wil jou en jou boerdery daarvoor gebruik. Jy kan waarskynlik baie meer as die mense van Vergelegen doen.

Vra die Here om julle te help om in en deur julle boerdery met 'n bediening te begin. Nie net 'n geestelike bediening nie, maar 'n omvattende bediening wat aan mense sonder hoop 'n toekoms gee. 'n Bediening in lyn met Jesaja 58, Jeremia 29:11 en Jakobus 2:14-17.

Gebed:

† Bid dat elke Christen landbouer die bedieningsgeleenthede wat hulle in hulle boerdery het, sal raaksien en begin benut. Bid ook vir Victor en almal aan wie die Here 'n toekoms en 'n verwagting wil gee – deur jou en julle boerdery!

Dag 9
Grenslose liefde!

Lees: Johannes 3:16 en 13:1, asook 1 Johannes 3:16

Nadat Victor op die plaas begin werk het, het dit vir 'n tyd baie goed gegaan. Ongeveer ses maande nadat hy "droog" geword het, is Victor toe eendag saam dorp toe. Die oggend het hy nog teenoor 'n ander seun getuig van die keuse wat hy gemaak het en die nuwe lewe wat hy begin leef het. Maar dié middag het die duiwel met mening toegeslaan. Almal se besigheid op die dorp was klaar en hulle was gereed om te ry. Maar skielik was Victor weg. Hy't spoorloos verdwyn. Ou pelle wat hom in die straat gekry het en al die assosiasies met dinge uit die verlede het sy kop deurmekaar gemaak. Die rooi motor wat hom dikwels in die verlede besoek het, het ook onverwags opgedaag.

Die ander plaasmense het in die dorp en in die bosse om die dorp begin soek. Passion en Gloria is haastig na die woonbuurt net buite die dorp. Almal het gesoek! Navraag gedoen! Gebid!

Toe sien hulle hom hardloop in die rigting van sy ouma se huis. Toe hy voor die huis tot stilstand kom, het Passion en Gloria haastig nader geloop. Victor het die draadheining voor die huis vasgegryp. Gou-gou het die mense in die straat 'n kring om die drie gevorm. Die gemeenskap het Victor geken, en vir hulle was hy *"bad news"*. *Bel die polisie! Smyt hom in die vangwa! Jy moet geneuk word! Jou sleg! Maak jy alweer moeilikheid? Jy sal nie verander nie!* Só weergalm die stemme van mense wat nét so sleg is, maar dit laat hulle 'n paar oomblikke beter voel om Victor te veroordeel (Vgl. Johannes 8:1-11). Gevul met vrees en angs klou Victor die draad nog stywer vas. Hy was histeries. Hy wou nie teruggaan plaas toe nie, maar sy ma en Passion se liefde was te groot om hom vir die wolwe te los.

Met die volle oortuiging van die Heilige Gees, loop Passion tot by Victor en druk hom styf teen haar vas. *As niks anders werk nie, sal liefde die ding doen! Liefde, grenslose liefde sal hierdie kind en hierdie gemeenskap verander,* dink sy. Intussen het 'n lid van die GPF (Gemeenskaps Polisiërings Forum) reeds opgedaag. Iemand het hom ontbied.

Toe sy haar kom kry, word Passion, gedring deur die liefde van God, 'n straatprediker. Die woonbuurt se mense het intussen aangegroei tot 'n klein skare. Daardie Vrydagmiddag hoor en sien hulle onverwags op straat die boodskap van God se grenslose liefde. Met haar arms steeds beskermend om Victor roep sy die mense tot bedaring: *Nee, hou op!* "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here..." (1933/53 Vertaling - Sagaria 4:6b). *Jesus!,* roep sy nogeens hard om hulp. *Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur u Gees sal die verandering kom!* Sy druk Victor nog stywer vas terwyl sy liggaam ruk en bewe soos vrees en hartseer hom gelyktydig beetpak. Van die ander kant af gooi sy ma, Gloria, ook haar arms om hom. Sy's die eerste wat reageer op die straatprediking. 'n Stroom gebede vloei onhoorbaar uit Gloria siel. Sy pleit om genade vir haar kind. Sy pleit dat God se Gees die verandering sal bring. Dan vervolg Passion met haar boodskap: *God het hom lief! Sy liefde sal hom verander, nie julle geskree en julle dreigemente nie. Die Here sal die goeie werk wat Hy in Victor begin het, heeltemal klaarmaak* (Filippense 1:6)*. Hy wil, Hy kan, Hy sal! God het hom lief! Sy liefde, én óns liefde sal Victor verander!*

Oomblikke later word die skare doodstil en Victor kom tot bedaring. Hy los die draad en klim gewillig in die bakkie. Hy sit tussen sy ma en Passion voor in die bakkie. Hulle koop vinnig 'n paar stukkies braaivleis vir die pad by 'n straatverkoper, laai die ander personeel op en kies koers terug na Vergelegen. Na so 20km is Victor weer homself toe hy blinkmond sê: *Ai mevrou, maar so 'n tjoppie gaan nou lekker glad af. Om te dink ... ek het hom amper gemis.*

Die vuil kol op Passion se wit trui waar Victor se neus afgesmeer en sy trane gedrup het, eggo die boodskap nogeens uit: *As niks anders werk nie, sal liefde die ding doen! Liefde, grenslose liefde sal hierdie kind en hierdie gemeenskap verander! Nie krag en geweld nie.*

Liefde het oorwin! Liefde sal oorwin! "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" (Johannes 13:35).

Die saad van transformasie lê opgesluit in liefde. Waar en wanneer ons grenslose liefde saai, sal ons transformasie oes. Sal ons blywende veranderring sien.

Gebed:

† Bid dat die landbougemeenskap die volle omvang van die liefde van God sal leer ken (hoe wyd en ver en hoog en diep dit strek volgens Efesiërs 3:19) en dat hierdie liefde hulle sal motiveer om ander grensloos lief te hê.

Dag 10
Ware transformasie!

Lees: Matteus 22:37-40 en 1 Johannes 4:7-12

Werklike transformasie is dit: wanneer verhoudings nie in die eerste plek bepaal word deur uiterlike dinge soos velkleur nie; nie deur ekonomiese faktore soos geld en besittings nie; nie deur sosiale posisie soos werkgewer en werknemer nie; nie deur geleerdheid of ongeletterdheid nie; nie deur politieke vooroordele of beleidsverskille nie; nie deur kerklike strukture, belydenisskrifte en aanbiddingstyle nie; nie vrae soos *"waar bly jy en wat ry jy?"* nie. Wanneer liefde alle verhoudings bepaal, het God sy doel met ons bereik en het transformasie plaasgevind (1 Johannes 4:12).

Die vraag aan Christen politici is nie ***wat doen*** julle vir die landbouers nie, maar ***hoe lief*** het julle die landbouers? Die vraag aan Christen landbouers is nie in die eerste plek ***hoe help*** julle die regering nie, maar ***hoe lief*** het julle die mense in die regering? Die vraag aan werkgewers is nie ***wat doen*** julle vir julle personeel nie, maar ***hoe lief*** het julle hulle? Die vraag aan alle landbouers (bestaansboere, kleinskaal kommersiële boere en kommersiële boere) is nie ***wat doen*** julle vir mekaar nie, maar ***hoe lief*** het julle mekaar? Jy sien, die gesindheid van jou hart bepaal jou optrede. As jou hart vol liefde is, sál jou oë met liefde kyk; sál jou ore met liefde luister; sál jou mond met liefde praat; sál jou hande met liefde gee en sál jou voete met liefde die pad saamloop.

Die Bybel gee ons nie 'n uitkomkans nie. 1 Korintiërs 13:3 sê dat jy al jou goed kan weggee en selfs jou liggaam kan prysgee, maar as jy nie liefhet nie, is jy niks! **Jy kan dus gee sonder om lief te hê, maar jy kan nie liefhê sonder om te gee nie** (1 Johannes 3:16-18).

God se wil geskied 100% in die hemel. Net so moet sy wil in my en jou boerdery geskied. Wie vinnig sy oog in die hemel gooi, sal LIEFDE sien, want God is liefde (1 Johannes 4:8). Liefde is die wil van God en dít geskied volkome in die hemel. Daarom is dit sy wil dat ons ook op die aarde sal liefhê, soos in die hemel.

Die liefde wat benodig word vir landbou-transformasie kom nie uit die mens self nie. Uit onsself kan ons net onsself selfsugtig liefhê. Selfs ons transformasie-planne sal selfsugtig wees. God moet sý liefde deur die Heilige Gees in ons kom uitgooi (Romeine 5:5), dán alleen kan ons vriend en vyand liefhê (Matteus 5:44 en 7:12); my eie volk en ander volke (Levitikus 19:32-33)!

Ons motivering vir landbou-transformasie is dus nie geld of wins nie. Dis nie vrees vir die toekoms nie. Dis nie die agenda van die regering of ander belangegroepe nie. Die status quo raak vir ons onaanvaarbaar wanneer ons ander so lief het soos onsself. Die liefde van God dring ons om dinge te wil verander. Landbou-transformasie is nie iets wat moet gebeur nie. Dis iets wat sál gebeur as die liefde van God sy doel volkome in ons almal bereik.

Gebed:

† Bid dat ***liefde*** alle verhoudinge in die landbou sal bepaal, en niks anders nie. Bid dit spesifiek ook met betrekking tot die verhouding tussen landbouers en die regering.

DEEL 2

GRONDHERVORMING:
ENKELE VEREISTES IN ONS SOEKE NA ANTWOORDE

Dag 11
Dink nuut!

Lees: Jesaja 55:6-11 en Jeremia 29:11-13

Sonder om jou hand op te tel en sonder om twee keer oor dieselfde lyn te beweeg, **trek vier reguit lyne wat deur al nege kolletjies gaan.**



(Die oplossing vir hierdie uitdaging vind jy net voor Dag 22. Kyk daar as jy nie regkom nie, maar moenie te gou tou-opgooi nie.)

God het 'n plan. Maar sy plan val meestal **buite** ons normale manier van dink en doen. Daarom moet ons bid en vra dat Hy aan ons sal openbaar wat Hy wil doen (Jeremia 33:3). Maar selfs dan sukkel ons om sy plan te aanvaar, want dit klink dikwels na nonsens. Iets wat beslis nie kan werk nie. Gehoorsaamheid aan, en inskakeling by God se plan vra geloof (Hebreërs 11:6). Ware geloof! Geloof dat alles vir God moontlik is (Jeremia 32:17 en 27)! Sy mag, vermoë en hulpbronne is nie beperk nie. Hy is nie afhanklik van die rykdom, die krag of die wysheid van mense nie. Sy instrumente is dikwels swak en nietig. Die mense wat Hy gebruik, is dikwels sonder geleerdheid, aansien of groot invloed. Dis gewone mense soos ek en jy. Dis eers wanneer Hy hulle kragtig begin gebruik dat die wêreld verstom en verbaas staan.

Die sleutel tot die suksesvolle oplossing van die nasionale krisis oor landbougrond lê in gehoorsaamheid aan God. Daar is nie een plan wat oral en vir almal gaan werk nie. Boere, gemeentes, boereverenigings en studiegroepe op grondvlak moet by die Here hoor wat Hy wil hê hulle moet doen binne hulle omgewing en in hulle omstandighede.

Gebed:

† Bid dat die Here aan al sy kinders wat betrokke is by die oplossing van ingewikkelde landbou-vraagstukke soos grondhervorming, die vermoë sal gee om kreatief en nuut te dink.

As Christen landbouers glo ons daar is nie een super grondhervormingsplan wat oral vir almal gaan werk nie. Ons God, die God van die Bybel, is meer kreatief en prakties as dit. Daar moet ruimte vir 'n verskeidenheid planne gemaak word.

Dag 12
Neem die probleem na die Here toe.

Lees: Numeri 27:1-11 en Numeri 26:33 en 36:10-13

In Israel was daar duidelike voorskrifte oor grondbesit en die vererwing van grond. Maar toe duik daar 'n situasie op waarvoor die normale prosedure en die *"wetgewing"* wat Israel tot op dié tyd ontvang het, nie voorsiening gemaak het nie. Selofgad het net vyf dogters gehad en geen seuns nie. En toe sterf hy. Daar is vier belangrike dinge in dié verhaal wat ek en jy nie moet miskyk nie.

Eerstens leer die verhaal ons dat daar nuwe, buitengewone situasies kan opduik waar ou antwoorde nie meer voldoende is nie. Nuwe riglyne word dan benodig. In die praktyk beteken dit dat die Bybel nie onvoldoende is om ons te help om die huidige grondkwessie op te los nie. Dit beteken net dat ons weer nuut sal moet kyk en luister na wat die Woord sê. Ons steek tog so

maklik vas by die bekende dele, die dele waarvan ons hou en wat ons toelaat om rustig in ons gemaksones te bly.

Tweedens is dit duidelik dat dié situasie nie Selofgad se verdiende loon was nie. Die feit dat hy nie seuns gehad het wat sy grond kon erf nie, was nie die gevolg van opstand teen die Here nie (Numeri 27:3). Hy het in die woestyn gesterf soos al die ander Israeliete van sy ouderdom. Oppas om die huidige grondkwessie sommer voor iemand anders se deur te lê as sou dit sy of hulle verdiende loon wees.

Derdens, en dit is miskien die belangrikste les, is dit wat Moses gedoen het. Hy het nie sommer self 'n plan probeer beraam of met 'n kitsoplossing na vore gekom nie. Hy het selfs nie eers 'n vergadering van wyses bymekaar geroep om oor die saak te debatteer nie. *"**Moses het die saak voor die Here gebring,** en die Here het vir hom gesê: ..."* (Vers 5-6a). Moses het raad en hulp by die Here gesoek. ***Grondhervorming is 'n moeilike en komplekse saak met baie kante. Christene móét oplossings en antwoorde van die Here afbid.*** Ons durf nie op ons eie insigte staatmaak nie.

Laastens lees ons dat die dogters van Selofgad nie net ingevolge die nuwe reëling hulle regmatige grond gekry het nie, maar ook dat hulle gedoen het wat die Here Moses beveel het (Numeri 36:10). Hulle was bereid om in gehoorsaamheid deel van God se antwoord en oplossing te word.

Elke Christen landbouer móét in belang van die koninkryk, maar ook in nasionale belang betrokke raak by grondhervorming. As Christen is jou eerste en belangrikste verantwoordelikheid om antwoorde en oplossings vir hierdie moeilike vraagstuk van God af te bid. Verder moet jy bereid wees om, in gehoorsaamheid aan Hom, deel van sý antwoord en sý oplossing te word. Jy moet jou, soos Maria, die moeder van Jesus in Lukas 1:38, tot beskikking van die Here stel om sy plan uit te voer.

Gebed:

† Vra dat die Here sal gee dat landbouers én landsburgers (hulle eet tog almal kos) al meer oor grondhervorming sal bid en sy raad vra, asook sy seën daarop afsmeek.

Dag 13
Bid oor Grondhervorming.

Lees: Filippense 4:6-7

Die grootste probleem is nie grondhervorming nie, want Christene weet dat alles altyd vir God moontlik is (Jeremia 32:17 en 27 – in dié hoofstuk gaan dit oor die koop en besit van grond). Die probleem is ook nie dat óns nie weet nie, maar dat ons nie Hom wát weet, raadpleeg nie. Die grootste probleem is die onwilligheid van die meerderheid landbouers (en landsburgers) om spesifiek en doelgerig met God in gesprek te tree oor grondhervorming. Daar is 'n paar moontlike redes vir dié onwilligheid om God se raad te vra:

- Hulle dink God is net geïnteresseerd in die *kerk*, en nie ook in die *landbou* nie;
- Hulle verkeer in die waan dat dié nasionale krisis sommer oornag vanself gaan verdwyn;
- Hulle voel oorweldig deur al die mislukkings en dink dis hulle christelike plig om net negatiewe en veroordelende kritiek te lewer. (Daarvoor het hulle immers geen geloof nodig nie.);
- Die talle mislukkings laat hulle glo dat God ook magteloos is;
- Hulle voel dat hulle in elk geval nie enige bydrae het om te lewer nie – hulle hoop maar landbouleiers en die regering sal dinge tot hulle voordeel uitspook;
- Hulle voel oortuig dat die status quo die wil van die Here is en dat enige verandering dus onnodig is;
- Óf hulle het klaar besluit om uit die landbou te klim (ontvlugting), natuurlik met die grootste moontlike wins.

Nie een van bogenoemde redes behoort op jou, as verantwoordelike Christen van toepassing te wees nie. Indien dit wel is, moet jy dit beslis bely en doelgerig oor 'n sinvolle grondhervormingsproses begin bid.

Daar is 'n wonderlike opdrag en belofte in Filippense 4:6-7. God beveel bekommerde mense om te bid, en Hy belowe dat as hulle bid, Hy sy vrede vir hulle sal gee. 'n Vrede wat alle verstand te bowe gaan. As jy dus wakker lê en gedurig jou vrese en bekommernis oor grondhervorming uitspreek, is dit waarskynlik omdat jy nie regtig oor die saak bid nie.

As jy oor die saak bid, moet jy bereid wees om betrokke te raak en deel van God se antwoord te wees. Moenie dat dit jou bangmaak en verhinder om te bid nie. Een van die wonderlike eienskappe van God is juis dit: Hy maak dit altyd vir mense moontlik om sy opdragte uit te voer.

Gebed:

- Bid en vra dat landbouers God se uitnodiging sal aanvaar om hulle bekommernis oor grondhervorming en al die gepaardgaande probleme, gedurig deur gebed en smeking, en met danksegging aan Hom bekend te maak.
- Bid dat landbouers die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal ervaar wanneer hulle opreg oor grondhervorming bid.
- Bid dat landbouers sal glo: GOD KAN! Hy kan alles wat Hy wil!

Dag 14
Hoor God se stem!

Lees: Jeremia 33:3 en Amos 3:7 (Amos sê herhaaldelik: *So sê die Here!)*

Om die stem van God te hoor, is uiters belangrik in ons verhouding met Hom. As jy sukkel om God se stem te hoor, moet jy moeite doen om die probleem reg te stel. Die Here is meer as 'n morele God wat algemene riglyne gee oor wat reg en wat verkeerd is. Hy is 'n persoonlike God wat met sy kinders praat en aan hulle raad en leiding gee in spesifieke situasies en oor praktiese besluite, soos landbou-transformasie en grondhervorming. Hy maak sy wil en planne aan sy kinders bekend.

Die Here praat meestal deur sy Woord en Gees. Maar Hy praat ook deur medegelowiges, drome, visioene, tekens en wonders. Hy kan ook deur omstandighede, die natuur, profete en engele praat. Hy kan ook direk en hoorbaar praat. Daar is voorbeelde van al hierdie maniere in die Bybel. God kan self besluit op watter manier Hy met sy kinders wil kommunikeer.

Dis egter belangrik dat ons sal glo dat Hy wel met ons wil kommunikeer en dat ons die onderskeidingsvermoë sal ontwikkel om te weet wanneer dit Hy is wat met ons praat. God se opdragte is dikwels onlogies (dit maak nie sin vir

mense wat nie die Gees van God het nie) en onmoontlik om in ons eie krag te doen. Maar sy opdragte sal nooit in stryd met sy Woord wees nie.

Daar is verskillende maniere op grond waarvan ons kan weet wanneer die Here met ons praat. Dikwels is dit daardie vaste oortuiging wat die Heilige Gees in jou hart gee wanneer jy oor 'n spesifieke saak bid. Dit kan ook daardie nuwe en kreatiewe gedagte wees wat gedurende 'n tyd van vas en bid by jou opkom. Of dit kan daardie sagte stem van die Heilige Gees in jou wees, op grond van 'n spesifieke gedeelte uit die Woord wat, wanneer jy dit lees, skielik vir jou nuwe betekenis kry. Dis asof jy dit vir die eerste keer lees en voel God sê daarin vir jou wat jy nou moet doen. Die stem van die Here bring dikwels jou omstandighede en die Woord by mekaar uit. Dit verbind die twee en jy verstaan skielik wat die toepassing van 'n spesifieke gedeelte in jou spesifieke situasie is. Die stem van die Here waarsku jou nie net as jy op die verkeerde pad is nie, maar sê ook vir jou wat die regte pad is om te loop (Jesaja 30:21).

Gebed:

† Bid dat landbouers al meer daarna sal verlang, en die vermoë sal ontwikkel om God se stem te hoor, en dat hulle Hom sal gehoorsaam.

As Christen landbouers glo ons dat ons oor grondhervorming móét bid totdat ons hoor wat God vir ons sê om te doen. Dan móét ons Hom gehoorsaam. Op plaaslike vlak kan groepe ook saam bid om te hoor wat hulle gesamentlik moet doen.

Dag 15
Stel jouself tot beskikking van God.

Lees: Jesaja 6:8 en Lukas 1:38, asook Efesiërs 5:15-17

Mense dink dikwels dat die Here altyd spesifieke mense vir spesifieke take roep. Dis waar, maar soms is sy roeping 'n ope uitnodiging soos in die geval van Jesaja. Jesaja reageer op die Here se vraag: *Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?* Hy stel homself tot beskikking van die Here vóórdat hy nog presies geweet het wat die Here wil hê hy moet doen. Ook

Maria, die moeder van Jesus, het haar tot beskikking van die Here gestel voordat sy presies geweet het wat dit alles vir haar inhou.

God verwag van jou as sy kind om ten tye van 'n nasionale krisis soos grondhervorming, na vore te tree en jouself tot sy beskikking te stel deur te bid: *Here, wat wil U hê moet ek doen? Wat kan ek doen om te help dat u plan 'n werklikheid word en dat u wil geskied soos in die hemel?* Selfs voor ek nog enige idee gehad het wat die Here wil doen, het ek reeds in 2003 gesê: *Here, wat U ook al ten opsigte van grondhervorming wil doen, ek is tot U beskikking. Gebruik my soos U wil.* Glo my, dis nie maklik nie, maar ons het nie 'n keuse nie my vriend – as ons onsself Christene noem en sê dat God ons Koning is, moet ons tot sy beskikking wees. God is nie raadop oor grondhervorming nie, maar Hy soek mense wat bereid is om na sy planne te luister en te gaan doen wat Hy sê. Jy hoef niks te doen wat Hy nie vir jou sê nie, maar jy sal in 'n intense gesprek met Hom móét tree oor grondhervorming, of beter gestel: oor omvattende transformasie in die landbou.

Gebed:

† Bid dat alle Christene, maar veral landbouers, tot beskikking van die Here sal wees. Bid Romeine 12:1-2 vir hulle.

As Christen landbouers glo ons God werk deur mense. Ons as Christen landbouers, elke een van ons, moet onsself in volle oorgawe tot beskikking van die Here stel, sodat Hy sy planne ten opsigte van Landbou-transformasie en grondhervorming deur ons tot uitvoer kan bring. Elke Christen landbouer móét dus op een of ander manier betrokke raak.

Dag 16
Soek allereers die Koninkryk!

Lees: Matteus 6:9-10, asook 6:33

Die Koninkryk van God is seker die mees sentrale tema in die Nuwe Testament. Dit was die inhoud van Jesus en die apostels se prediking (Matteus 4:17 en Handelinge 28:23-31).

Jesus beveel ons ook om te bid vir die koms van die Koninkryk en om ons allereers daarvoor te beywer. Dit is belangrik om te verstaan wat met die term *koninkryk van God* bedoel word. Dié kennis sal ons help om te weet wat ons moet doen om in die landbou, asook in landbou-transformasie en grondhervorming, allereers die koninkryk van God te soek.

In die koninkryk van God gaan dit veral oor die volgende vyf belangrike sake:

1. Dit gaan oor **GOD SELF. HY IS DIE KONING,** en dit beteken:
   - ✓ Hy moet lof en eer ontvang deur die manier waarop ons boer en grond besit, asook voedselsekerheid aan mense gee.
   - ✓ Hy moet erken word as die werklike eienaar van ons grond (ja, alle grond). Christus moet aanbid word as die Een wat alles (ook ons grond) met God versoen het en wat alle mag, gesag en seggenskap oor die landbou en oor ons grond het (Efesiërs 1:19b-23 en Kolossense 1:15-20).

2. Dit gaan oor **DIE WIL VAN DIE KONING.** Omdat Hy Here en Koning is, móét Hy gehoorsaam word.
   - ✓ In al ons boerderypraktyke en besluite moet ons Hom gehoorsaam. Dit sluit landbou-transformasie en grondhervorming in.
   - ✓ Ons moet die wil van God in die landbou en vir die landbou proklameer.
   - ✓ Reg en geregtigheid is die uitstaande kenmerk van God en sy regering, daarom moet reg en geregtigheid in grondhervorming geskied (2 Kronieke 19:7; Jesaja 11:1-5 en Jeremia 9:24, asook Jesaja 56:1 in die 1933-Vertaling).

3. Dit gaan oor die **OORWINNING VAN DIE KONING OOR DIE BOSE** en alle chaos en destruktiewe magte. Dit beteken:
   - ✓ In ons boerdery en in ons hantering van grondhervorming moet dit duidelik sigbaar wees dat Jesus die afgod van gierigheid (Efesiërs 5:5 en Kolossense 3:5) en die verknogtheid aan aardse goed in ons lewe oorwin

het, sowel as ons selfsug, onvergenoegdheid, eiesinnigheid en onwilligheid om mooi na mekaar te luister.

- ✓ Ons mag ook nie toelaat dat ons hantering van grondhervorming landbou en die land in chaos en ellende dompel nie. Dis wat die bose wil hê.

4. Dit gaan oor die **HERSTEL** wat plaasvind wanneer die wil van die Koning geïmplementeer word. Die herstel in ons verhouding met Hom word sigbaar wanneer dit wat ons doen, herstel in ander verhoudings bring:
   - ✓ Waar mense veronreg is, moet reg en geregtigheid herstel word (Jeremia 9:24 en Amos 5:24);
   - ✓ Waar grondregte geskend is, moet dit herstel word;
   - ✓ Die verhouding tussen mense wat nooit wou of kon saamboer nie, moet herstel word;
   - ✓ Menswaardigheid moet herstel word deur mense te help om hulle nuwe identiteit in Christus te vind; deur opleiding; eiendomsreg; selfvoorsiening; ensovoorts.

5. Dit gaan oor die **BELOFTE EN VERWAGTING VAN DIE WEDERKOMS VAN DIE KONING.** Dit beteken:
   - ✓ Ons moet onthou dat ons eendag aan die Koning verslag moet doen oor alles – ook oor ons gesindhede en die manier waarop ons landbou-transformasie en grondhervorming hanteer het.
   - ✓ Hiermee saam vra dit dat ons in die hele proses, wat by tye baie pynlik kan wees, baie geduldig sal wees en nie gedurig oor mekaar sal kla nie (Jakobus 5:7-11).

Gebed:

† Bid vir die koms van God se Koninkryk, veral in die landbou. Bid dat landbouers in al hulle beplanning en besluite, heel eerste die Koninkryk van God sal soek.

As Christen landbouers glo ons dat Christene hulle doelbewus moet beywer vir die koms van God se Koninkryk in die landbou en grondhervormingsproses.

Dag 17
Grondregte is vir God belangrik.

Lees: Psalm 37:22 (Lees gerus die hele Psalm)

Die beskerming en herstel van grondregte kan nie sommer afgemaak word as iets onbelangrik nie. Tensy die Ou Testament as Woord van God verwerp word, kan die kerk en Christene nie die gesprek oor grond van hulle agenda afhaal en hulleself net besig hou met sogenaamde geestelike sake nie.

Die term, *koninkryk van God* en *koninkryk van die Hemel*, word veral in die Nuwe Testament baie gebruik. Tog kom die saak ook in die Ou Testament voor. Dit gaan oor **God se heerskappy as Koning** oor alle volke en die hele skepping, maar veral oor sy koningskap in Israel. Daarom gee die Ou Testament vir ons 'n goeie idee oor wat die wil van die Koning is ten opsigte van grondbesit en grondregte:

- Die belangrikste is dat alle grond aan Hom behoort en dat niemand permanent op grond aanspraak kan maak nie (Vgl. Levitikus 25:23-24; Psalm 89:12 en Handelinge 17:26). Ons is net rentmeesters van dit wat God vir 'n bepaalde tyd aan ons toevertrou het;

- Tweedens is dit duidelik sy wil dat grond nie oor 'n tydperk net in die hande van enkelinge of 'n bepaalde groep moet beland nie (vgl. Jesaja 5:8-10; Esegiël 45:1-12 en 46:16-18, asook 47:21-23);

- Derdens gee God ook grond aan heidennasies (vgl. Psalm 60:8-10 en Handelinge 17:26, asook Matteus 5:45). Israel word gewaarsku dat hulle nie foutiewe afleidings uit hulle geskiedenis moet maak nie. Op grond van die wonders wat God in hulle verlede gedoen het, was hulle oortuig dat hulle saak met God áltyd reg is en dat Hy áltyd aan hulle kant is – ongeag hoe hulle lewe. Dit was veral die feit dat Hy ander nasies verdryf het en die land aan hulle gegee het, wat tot hierdie verkeerde afleiding aanleiding gegee het (Amos 9, veral vers 7).

- Vierdens is dit duidelik dat dit God se wil is dat grondregte beskerm en altyd weer herstel moet word, ongeag of dit verloor is as gevolg van:

  - **Die verloop van omstandighede** of die **gebruik in 'n bepaalde tyd:** Die dogters van Selofgat het hulle grond verloor omdat hulle pa nie

seuns gehad het nie en omdat dogters in die reël nie grond kon erf nie (Numeri 27:1-11);

- **Natuurlike oorsake:** Die vrou het haar grond verloor omdat sy in die buiteland gaan woon het as gevolg van 'n sewe jaar lange droogte en hongersnood in haar eie land (2 Konings 8:1-6);

- **Skuld:** Almal wat hulle grond vanweë skuld verloor het, ongeag die aanleidende oorsake, moes hulle grond tydens die hersteljaar terugkry sodat hulle weer 'n nuwe begin kon maak (Levitikus 25:8-13);

- **Uitbuiting:** Van die mense wat in die tyd van Nehemia uit ballingskap teruggekeer het, het hulle in 'n ekonomiese verknorsing bevind as gevolg van die uitbuiting deur ryk volksgenote. Hulle het hulle lande, wingerde, olyfboorde en huise verloor. Hulle is dus ekonomies lamgelê. Dit was totaal onaanvaarbaar en nie tot eer van God nie (Nehemia 5:9). Nehemia het drastiese stappe geneem om die saak reg te stel. Dié wat volhard het om ander uit te buit, sou deur die Here uit al hulle besittings uitgeskud word (Nehemia 5:1-13).

- **Politieke oorheersing en straf op sonde:** Die volk is weggevoer in ballingskap en het hulle land aan die Galdeërs afgestaan omdat hulle nie na die Here wou luister nie. In Jeremia 32 onderneem Hy egter om hulle hart en hulle lot te verander, en hulle weer in dié land te vestig. *"Ek sal dit geniet om goed aan hulle te doen in my trou; met alles wat Ek is sal Ek hulle weer in dié land vestig"* (Jeremia 32:41). Lees ook Amos 9:13-15.

Die besit en verlies aan grond was vir die Here geen geringe saak nie. Hy het rekening daarmee gehou dat, in die ekonomie van destyds, die besit of verlies van grond mense se vermoë om selfversorgend te wees, bepaal het. Die besit van grond is beskou as 'n seën uit die hand van die Here.

Gebed:

† Bid vir die handhawing, beskerming en herstel van grondregte, asook vir wysheid om dit op so 'n manier te doen dat almal daarby baat. Met ander woorde, bid vir wen-wen-oplossings wat tot voordeel van almal, maar ook tot eer van die Here is.

As Christen landbouers glo ons dat grondregte vir God belangrik is: die beskerming sowel as die herstel daarvan.

Dag 18
Grondhervorming:
Hou ook rekening met God en die Satan.

Lees: 2 Petrus 1:3 en 2 Korintiërs 2:11

Soms sê mense dat hulle in God glo en dat die satan 'n werklikheid is, maar in hulle alledaagse lewe hou hulle glad nie rekening met God of die satan nie. Hulle praat en redeneer oor goed soos grondhervorming asof God en die satan nie bestaan nie. Dis 'n tipies humanistiese en sekularistiese benadering. Vir die humanis gaan dit nét oor die mens. Maar ons as Christene moet rekening hou met God, die satan en die mens se betrokkenheid in die grondkwessie.

Grondhervorming is nie net 'n emosionele saak nie, maar ook 'n pynlike saak. Die pyn en seer verskil egter van groep tot groep en van mens tot mens. Daarom is dit noodsaaklik dat Christene ook sal nadink oor wat God in sy Woord oor lyding en swaarkry sê.



Agter ons lyding staan **NIE** God **ÓF** Satan **ÓF** die mens **NIE, MAAR** God **ÉN** Satan **ÉN** die mens. Elkeen is betrokke, **IN OOREENSTEMMING MET SY EIE AARD EN KARAKTER!** Oppas om op 'n tipies humanistiese manier God en Satan se betrokkenheid in landbouprobleme en in die grondkwessie, te misken of as irrelevant te beskou.

In ooreenstemming met God se aard en karakter (soos in die Skrif aan ons openbaar), is Hy betrokke in die pyn en seer wat mense aan weerskante rondom grondhervorming beleef. God se betrokkenheid maak Hom nie wreed, liefdeloos en onregverdig nie. In sy betrokkenheid bly Hy steeds die heilige, regverdige, genadige en liefdevolle God wat Hom oor mense ontferm, selfs deur lyding en swaarkry (lees Psalm 119:67, 71 en 75). Die Bybel is vol voorbeelde van die swaarkry wat God stuur om reg en geregtigheid te herstel en mense tot bekering te roep (dink maar aan die profesie van Amos - lees hoofstuk 4-5).

Satan is ook, in ooreenstemming met sý aard en karakter betrokke. Hy is die *vader van die leuen,* die *mensemoordenaar* van die begin af (Johannes 8:44). Hy wil hê mense moet in hulle lyding teen God sondig. Daarom *versoek* hy hulle. Hy is nie tevrede dat mense net ly en swaarkry nie. Hy wil hulle hele lewe verwoes. As leuenaar bied hy allerhande vals en verkeerde oplossings vir probleme aan, maar sý oplossings vererger elke probleem. Wees dus baie bedag op allerhande verkeerde en skynoplossings wat hy ook vir die vraagstuk oor grondhervorming aanbied. As ons daarna luister, gaan ons beslis met chaos eindig. As *beskuldiger* hits hy graag mense aan om ander te blameer vir alles wat verkeerd is en om die skuld op hulle te pak. Moenie hierin sy medewerker wees nie.

Die mens (alle rolspelers in die grondhervormingsproses) ***is ook betrokke, in ooreenstemming met óf sy ou natuur*** (wat deur selfsug, gierigheid, naywer, afguns, wantroue, oor en weer beskuldigings, ensovoorts, gekenmerk word) ***óf as nuwe mens onder leiding van die Gees*** (vergelyk Galasiërs 5:22-26 en Jakobus 3:13-18).

Gebed:

† Bid dat landbouers die betrokkenheid van God én Satan én die mens in lyding en swaarkry in gedagte sal hou wanneer hulle met probleme worstel. Vra dat hulle sal onthou dat elkeen betrokke is in ooreenstemming met sy eie aard en karakter. Daarom kan hulle steeds op God vertrou en moet hulle ligloop vir die strikke van die satan.

Dag 19
Grondhervorming:
Reageer Bybels op dié probleem.

Lees: Psalm 119:67, 71 en 75, asook Romeine 8:28

Die vraag is: ***Hoe behoort 'n Christen op lyding te reageer?*** Wat moet jy doen as jy swaarkry? Die Bybel gee weereens nie 'n enkelvoudige *(net één)* antwoord nie, maar 'n meervoudige antwoord - drie verskillende perspektiewe.

Jy **MOENIE KIES** of jy jou lyding gaan gebruik **ÓF** bestry **ÓF** aanvaar nie. Jy moet alle lyding altyd **GELYKTYDIG** gebruik **ÉN** bestry **ÉN** aanvaar.
Ook wat grondhervorming betref, kan jy in biddende afhanklikheid van God jou pyn-verleentheid ***gebruik*** en in 'n groei-geleentheid omskep. God belowe dat Hy alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet (Romeine 8:28). Jy kan moontlik leer om meer effektief op minder grond te boer. Jy kan leer om in groter gehoorsaamheid aan die Vader te lewe (Psalm 119:71). Jy kan leer hoe om nuut en kreatief te dink en nuwe uitdagings aan te pak. Jy kan God se sorg op 'n nuwe manier leer ken. Jy kan leer om opnuut al jou verhoudinge onder die vergrootglas te plaas en reg te maak wat verkeerd is. Die groei-geleenthede in elke pyn-verleentheid is onbeperk.

Weens Satan en die sondige mens se betrokkenheid by lyding en swaarkry, moet alle sondige en onaanvaarbare goed in die grondhervormingsproses met die opstandingskrag van Christus ***bestry*** word. Byvoorbeeld, alle pogings om een stuk onreg met 'n ander vorm van onreg reg te stel, móét bestry word. Daar moet voortdurend gestry word teen elke vorm van

gierigheid, die misbruik van mag, uitbuiting van mense en alle vorme van korrupsie. Oplossings wat tot hongersnood en bloedvergieting kan lei, moet van die hand gewys word. Geen ruimte moet vir wraak en vergelding gelaat word nie (Romeine 12:19-21).

Terselfdertyd kan Christene bly ***hoop,*** te midde van swaarkry. Alle lyding en swaarkry sal eers met Christus se wederkoms tot 'n einde kom. Daarna sal slegs hulle wat in die buitenste duisternis gegooi is, helse smarte ly. Daarom moet ons geduldg wees in ons swaarkry. Ons moet bly hoop. Of ons hier en nou grond kry óf verloor, is nie van ewige belang nie. Ons kan seker wees dat ons die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan beërwe (Hebreërs 10:32-36, veral vers 34).

Die ***gebruik en aanvaarding*** van lyding ***voorkom*** dat ons stryd daarteen ***ontaard in verbittering en weerwraak.*** Net so ***voorkom die gebruik en bestryding*** van lyding weer dat ons aanvaarding van lyding ***in passiwiteit*** (niks doen daaromtrent nie) ***ontaard.***

In die praktyk is daar baie blankes wat sê dat die status quo aanvaar moet word. Volgens hulle hoef die situasie nie te verander nie, want die huidige boere produseer genoeg kos. Hulle het nie begrip vir die swaarkry of belange van ander nie. Hulle pleit dus vir aanvaarding ten koste van bestryding. Voorheen benadeelde mense daarteenoor beklemtoon weer die stryd teen die huidige stelsel, sonder om altyd die nodige ruimte vir hoop, geduld en aanvaarding te laat.

Wat landbougrond betref, moet die positiewe van die huidige situasie vanuit Bybelse perspektief aanvaar word, maar terselfdertyd moet die negatiewe bestry word. Dit vra doelbewuste, maar gekontroleerde en goed bestuurde veranderinge oor 'n tydperk.

Gebed:

† Bid dat landbouers hulle lyding en swaarkry gelyktydig sal gebruik, bestry en aanvaar. Bid vir die korrekte toepassing hiervan binne die hantering van grondhervorming.

As Christen landbouers glo ons dat die rol en betrokkenheid van God én Satan én die mens deurentyd in gedagte gehou moet word wanneer daar na oplossings vir die grondprobleem gesoek word. Die probleem moet gelyktydig gebruik, bestry en aanvaar word en eensydige reaksies moet van die hand gewys word.

Dag 20
Tree reg op, wees regverdig.

Lees: Jesaja 11:2-5 en Jeremia 9:23-24, asook Miga 6:8

Ek onthou nog die eenvoudige, maar baie regverdige manier waarop die ouer mense na die dood van 'n geliefde, die goed onder mekaar verdeel het. Die oudste het die goed verdeel en in bondels gepak, en dan kon die jongste eerste kies. Op dié manier is verseker dat die oudste die goed regverdig verdeel. Indien hy dit nie sou doen nie, kon hyself aan die kortste ent trek. Miskien was dit juis die groot fout met Apartheid. Diegene wat die verdeling gedoen het, het ook eerste gekies. Daarom is geen regverdige verdeling van die land gemaak nie. [In 'n vorige studiestuk wat in 2003 verskyn het, word verwys na die verskillende wette en hoe die land daarvolgens verdeel is. Die studiestuk is beskikbaar op Amos se webtuiste.]

Dis eintlik nie so moeilik om te bepaal wat reg of regverdig is nie. Ons almal het 'n baie goeie aanvoeling daarvoor. Ons voel dadelik aan as iemand ons onregverdig behandel. Miskien omdat hulle nie ons kant van die saak verstaan nie; nie ons omstandighede in ag neem nie; hulle nie in ons plek kan of wil indink nie; nie ons belange ook in ag neem nie...

Ek praat nie van eiesinnige en selfsugtige mense wat altyd dink almal skuld hulle iets nie. Ek praat nie van onvolwasse mense wat behep is met hul regte, maar nooit die verantwoordelikheid wat daarmee saamgaan wil aanvaar nie. Ek praat van ons wat daarop roem dat ons objektief en nugter is. Die Gees van God woon tog in ons, en dit is dieselfde Gees wat Christus sonder enige beperking ontvang het. Lees weer Jesaja 11:2-5 en Johannes 3:34. Dié Gees getuig vir seker in ons binneste wat reg en billik is, ons moet net luister!

Teenoor ryk en arm moet ons regverdig wees en reg optree. Ons mag 'n arm man nie voortrek omdat hy arm is, of veronreg omdat hy homself nie teen ons kan verweer nie (vgl. Eksodus 23:3 en 6).

Ons as Christene behoort Christus se sin vir reg en geregtigheid te hê, want ons het sý Gees! Dis juis óns wat 'n besondere bydrae kan lewer om te

verseker dat reg en geregtigheid teenoor almal in die grondhervormings-proses geskied.

Jesus gee in Matteus 7:12 'n ander eenvoudige riglyn hoe om reg teenoor ander mense op te tree: *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.*

Gebed:

† Bid dat Christene sal help om reg en geregtigheid te laat geskied in die grondhervormingsproses. Bid dat die karakter en eienskappe van God, soos beskryf in 2 Kronieke 19:7b, in al sy kinders wat by grondhervorming betrokke is, sal sigbaar word.

DEEL 3

DIE TOEPASSING VAN *GOD'S WAY*-BEGINSELS OP LANDBOU-TRANSFORMASIE EN DIE PROSES VAN GRONDHERVORMING.

Daar is vyf dinge wat kenmerkend is van die manier hoe God werk (*God's Way)*. Dit word meer volledig bespreek in die boekie, ***Living and Farming God's Way: Basics,*** wat in 2008 deur *AMOS* uitgegee is.

- Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens;
- God werk deur mense;
- Eenheid en samewerking;
- Oop hande;
- Om te dien.

Wanneer ons kennis neem van die manier waarop God werk, help dit ons om te weet hoe Hy wil hê dat ons dinge moet doen. Wanneer ons in gehoorsaamheid aan God hierdie vyf *God's Way*-beginsels toepas, sal dit byna altyd 'n wonderwerk tot gevolg hê. Maak nie saak waar, of op wat ons dit van toepassing maak nie. Kom ons kyk dus na grondhervorming in die lig van bogenoemde vyf kenmerke.

Daar is 'n kort DVD op *AMOS* se webwerf (www.amosafrica.net) wat julle gerus kan aflaai en kyk. Dit vertel van 'n groep boere van Ficksburg wat saam met hulle personeel 18 km teerpad op eie koste self reggemaak het. Bespreek die DVD en kyk of julle bogenoemde vyf beginsels daarin kan raaksien.

Dag 21

Radikaal anders

(*God's Way*-beginsel: Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens)

Lees: Genesis 17:1-6 en 17-19, asook 18:11-12 en Romeine 4:18-21

Wat doen ek as ek 'n kudde wil opbou? Ek doen die *logiese* ding. Ek koop goeie, prestasie-getoetste ramme en sit hulle by my beste en vrugbaarste ooie. Maar wat doen die Here as Hy 'n hele volk, wat meer is as die sand van die see, wil bou? Hy doen iets **radikaal anders**. Hy kies 'n "dubbeld-onvrugbare" vrou en 'n baie ou man wie se liggaam al gedaan is. Sara was haar lewe lank onvrugbaar. Wat is die kans dat sy op negentig 'n kind in die wêreld kan bring, en dit van 'n man wat reeds 100 is? (Genesis 17:17) Selfs vrugbare vroue kraam nie meer op negentig nie! As jy vandag 'n soortgelyke storie vir iemand sou vertel, sal die persoon beslis uitroep: *Belaglik! Nonsens! Onmoontlik!* Dit was ook Abraham en Sara se eerste reaksie (Genesis 17:17 en 18:12). Maar dit is hoe God werk. Hy dink en doen nie soos ons nie (Jesaja 55:8).

Die Bybel is vol van hierdie vreemde, maar ware verhale, want dit leer ons oor God en sy manier van doen. Dink maar aan al die opdragte wat menslik onmoontlik was om uit te voer, maar wat God moontlik gemaak het. Dink aan die talle tekens en onverklaarbare wonders. Dink veral aan die manier waarop God verlossing vir ons bewerk het: die maagdelike geboorte, die kruisiging, sterwe, opstanding en hemelvaart van Jesus maak nie vir die wêreld sin nie. Vir die wêreld is dit onsin (1 Korintiërs 1:18-32), nonsens!

As dit wat God destyds gedoen het nie altyd sin gemaak het nie, sal dit wat Hy vandag doen, beslis ook nie altyd vir almal sin maak nie. As God se opdragte destyds onmoontlik gelyk het, sal dit vandag steeds onmoontlik lyk. As God destyds van sy volk (Eksodus 33:12-16) en later van sy kerk (Efesiërs 4:17-24) verwag het om radikaal anders te leef, verwag Hy dit vandag steeds van al sy kinders. Hy verwag dit ook van jou as landbouer. God het nie verander nie en ook nie die manier waarop Hy werk nie!

Die kanse is dus goed dat God, in antwoord op jou gebede oor grondhervorming, vir jou dinge gaan sê wat nie vir jou logies sin maak nie. Hy kan aan jou opdragte gee wat menslik onmoontlik is. Moenie skrik of bang word wanneer dit gebeur nie. God maak dit altyd vir jou moontlik om sy opdragte uit te voer. Wanneer jy Hom gehoorsaam, is Hy gereed en bereid om talle wonders in jou belang te doen. Die dokumentêre DVD, ***Promise of the Veld*** wat by *AMOS* beskikbaar is, illustreer hierdie waarhede baie mooi.

Ons kan nie net aanhou doen wat vir ons verstaanbaar en logies klink nie. As ons dit doen, gaan ons nie by nuwe antwoorde en blywende oplossings uitkom nie. Ons gaan aanhou loop op die bekende paaie en ons gaan

dieselfde onbevredigende resultate kry. Dis belangrik dat ons die onmoontlike begin waag. Dat ons iets begin doen al het ons nog nie al die antwoorde nie. Dit sal ons help om in geloof te lewe; om gedurig God se lig vir die volgende tree te soek; om afhanklik van Hom te bly. Wanneer ons dit waag om die onmoontlike in opdrag van God te doen, bly daar vir ons net een ding oor: *Geloof dat God dit sal maak werk!*

Gebed:

† Bid dat Christene God sal gehoorsaam, selfs al maak sy opdragte nie logies sin nie. Volgens Hebreërs 11:6 is gehoorsaamheid 'n saak van geloof. Bid vir geloof om ook ten opsigte van grondhervorming te doen wat Hy vir jou sê.

As Christen landbouers weet ons dat God dikwels aan sy kinders opdragte gee wat nie logies sin maak nie. Dinge wat slegs moontlik is indien hulle glo dat Hy wonders kan en wil doen om dit vir hulle moontlik te maak om sy opdrag uit te voer. Dit is heel moontlik ook wat gaan gebeur ten opsigte van grondhervorming. Gehoorsaamheid gaan kinderlike geloof van ons vra.



Só kry jy dit reg om die opdrag by Dag 11 uit te voer.
Dink buite die boks!

Dag 22

Oefen om vreemde dinge te doen.

(*God's Way*-beginsel: Dis só radikaal anders, dit klink na nonsens)

Lees: Lukas 6:27-36 en 1 Petrus 1:1

Omdat God se manier van doen radikaal anders is, moet ons as Christene ook radikaal anders as die wêreld leef. Op grond van ons nuwe identiteit en hemelse burgerskap is ons vreemdelinge in hierdie wêreld.

Ek dink aan 'n storie wat ek eenkeer gelees het oor 'n radikaal vreemde ding wat 'n sakeman gedoen het. *Will, die eienaar van 'n groot maatskappy het John, die bestuurder van een van die fabriek se aanlegte, geïdentifiseer om hoofbestuurder van die maatskappy te word. Will het vir John opgelei en voorberei vir die nuwe pos. John het selfs meer as Will verdien. Maar John het onverwags en op kort kennisgewing bedank. Hy was nie eers bereid om 'n nuwe aanlegbestuurder in sy plek op te lei nie. Ten spyte van sy groot teleurstelling het Will aan John 'n groot diensbonus betaal. Drie maande later was die motief vir John se skielike bedanking duidelik. Hy het 'n soortgelyke besigheid begin. Hy het die beste produkte van Will se besigheid begin namaak. Mettertyd het John se besigheid een van die belangrikste mededingers van Will se onderneming geword. Will het egter vir John vergewe en gereeld vir hom gebid. Nege jaar later het Will verneem van 'n ontwerpersfout met een van John se nuwe produkte. John het talle hofsake in die gesig gestaar. Will het gevoel dat die Here van hom verwag om John te help. Hy het een van die produkte gekoop en sy ingenieurs aangesê om vas te stel waar die probleem lê. Daarna het hy John gebel en vertel wat die probleem is en hoe hy dit kan regmaak.* [Jy kan die verhaal lees in die boek van Larry Burkett: Business by THE BOOK]

Dis radikaal anders as wat sakemanne normaalweg in soortgelyke omstandighede sou optree. Maar dis die praktiese uitlewing van Lukas 6:27-36. Die gesindheid van Christus word ook sigbaar in Will se optrede. Soos Christus, het hy nie net aan sy eie belang gedink nie, maar ook aan John se belang, al was John sy mededinger (Filippense 2:3-8). Hy het vir John gebid en wou graag vir John tot seën wees – ten koste van homself. Dit is hierdie vreemde gesindheid wat ons nodig het om die grondkwessie op te los. Selfsug gaan tot konflik lei. Om "normaal" op te tree, gaan geen verskil maak nie. Om God in geloof te gehoorsaam en selfs te doen wat nie sin maak nie, gaan wonderwerke tot gevolg hê.

Gebed:

† Bid dat ons as Christene nie bang of skaam sal wees om radikaal anders as die wêreld op te tree nie. Bid dat ons al God se opdragte sal gehoorsaam, en nie net dit wat vir ons logies en uitvoerbaar klink nie.

Dag 23
Eenheid en samewerking.

(*God's Way*-beginsel: Eenheid en samewerking)

Lees: Efesiërs 2:13-16 en Johannes 17:21-23

Daar is absolute eenheid en samewerking tussen die Vader, Seun en Heilige Gees. Hulle het alles sáám geskep (Genesis 1:2 en Johannes 1:1-2). Hulle het ook sáám besluit om die mens te skep (Genesis 1:26). As jy deur die Johannes Evangelie lees, is die eenheid en samewerking tussen die **Vader en die Seun** baie opvallend (Johannes 1:18; 5:23 en 30; 10:30 en 38; 14:9-11 en 26-31; 15:10; 16:15-24 asook 17:21-23). Daar is ook baie Skrifgedeeltes wat praat oor die eenheid en samewerking tussen die **Vader en die Gees** (Johannes 14:26 en Romeine 8:15). Ook die **Seun en die Gees** werk ten nouste saam (Johannes 14:26 en Romeine 8:9). Dis die Vader wat die Seun met die Heilige Gees toerus om sy opdrag uit te voer (Matteus 3:16-17). Ons verlossing is ook die resultaat van die samewerking tussen die Vader, Seun en Heilige Gees (Efesiërs 1:1-14).

Eenheid en samewerking is kenmerkend van die wese van God. Dis hoe God is en dis hoe Hy alles doen. Maar hier eindig dit nie. Omdat Jesus versoening gebring het, kring die eenheid al wyer uit:

- God het ons ook ***een*** met Jesus Christus gemaak (2 Korintiërs 5:21 en Efesiërs 2:13).

  *Toe het Hy ons beveel om **een** met Hom te wees en in Hom te bly (Johannes 15:4-10 en Kolossense 2:6-7).*

- God het ook al sy kinders ***een*** gemaak deur hulle in een liggaam, die kerk van Christus, saam te voeg (Efesiërs 2:14-16).

  *Toe het Hy sy kinders beveel om **een** te wees, selfs al praat hulle verskillende tale en al behoort hulle tot verskillende stamme, volke en nasies (Efesiërs 2:13-16).*

God maak dit altyd vir ons moontlik om sy opdragte uit te voer. Daarom maak Hy ons eers een, en dan beveel Hy ons om een te wees. Hy sê ons moet al hoe meer word wat ons reeds is, naamlik een! Anders gestel: Ons kan een wees omdat Hy ons reeds een gemaak het (Efesiërs 4:3)! Eenheid

tussen gelowiges is absoluut noodsaaklik. Dis die wil en bevel van die Koning.
Dis ononderhandelbaar. Liefde en eenheid tussen gelowiges is die één ding wat maak dat die wêreld tot geloof in Christus kom (Johannes 17:21-23).

Gebed:

† Bid vir groter eenheid en samewerking in die landbou en tussen al die rolspelers wat betrokke is by grondhervorming.

Dag 24
Eenheid en samewerking word sigbaar wanneer mense saam bid.

(*God's Way*-beginsel: Eenheid en samewerking)

Lees: Matteus 18:19-20

Die manier waarop kinders sekere dinge van hulle ouers vra, is 'n duidelike aanduiding van die onderlinge eenheid tussen die kinders. Wanneer 'n kind sy ouers probeer alleen kry om agteraf iets te vra waarvan die ander kinders nie mag weet nie, is daar duidelik nie sprake van eenheid tussen die kinders nie. Die moontlikheid dat dié versoek selfsugtig kan wees, is groot. Wanneer 'n kind bereid is om openlik voor die ander kinders iets te vra, is eenheid sigbaar. Maar wanneer kinders saam na ouers kom en die een vra iets in belang van die ander een, dan weet die ouers dat daar regtig eenheid tussen hulle kinders is. Dan is hulle soveel te meer bereid om aan die versoek te voldoen.

Ed Silvoso vertel in sy boek, *Transformation,* op bladsy 12 van die twee prokureurs wat saam gebid het. *Die een het 'n groep skuldeisers verteenwoordig en die ander een 'n lugredery. Die skuldeisers het aansoek gedoen om die lugredery te likwideer. Dit was 'n baie moeilike saak aangesien daar aan die een kant miljoene dollar betrokke was, en aan die ander kant was duisende werksgeleenthede op die spel. Die twee prokureurs het gebid dat die Here 'n wen-wen-oplossing sal gee. En Hy het! "Uit die bloute" (God se bloute!) is 'n oplossing gevind wat die lugredery in 'n rekordtyd uit sy finansiële verknorsing gehaal het en weer daarvan 'n suksesvolle onderneming gemaak het.*

Ek is vas daarvan oortuig dat daar Christene is onder dié wat grond besit, sowel as dié wat landbougrond wil hê. Daar is ook Christene in die regering en Die Departement van Landbou. *Wanneer gelowiges uit al hierdie groepe begin om gereeld saam te kom om vir mekaar en oor grondhervorming te bid, sál die Here beslis na hulle luister* (vgl. Maleagi 3:16). Hy sal opmerk dat daar geen selfsug is nie, maar ware eenheid en samewerking – 'n eerlike soeke na reg en geregtigheid. Wanneer gelowiges oor alle grense heen begin om saam te bid, is God gereed om wonders te doen. Iets wat ons nog nie gesien, gehoor of aan gedink het nie.

Gelowiges op plase en in plattelandse gemeenskappe behoort eerste te begin om saam te bid. Dis immers hulle wat in die middel van die grondprobleem staan. So het 'n groep van 25 Christene uit ses verskillende distrikte byvoorbeeld een naweek in Julie op 'n plaas naby Groblershoop bymekaar gekom om saam te bid. Bruin en wit het vir mekaar, en oor landbou-transformasie en grondhervorming gebid. Hulle het ook vir die regering, die betrokke ministers en landbouleiers gebid. Dit was 'n besondere geleentheid wat afgesluit is met die gesamentlike viering van die Nagmaal – die viering van ons eenheid met Christus en ons eenheid met mekaar.

Gesamentlike gebedsbyeenkomste behoort van plase af ook uit te kring na plekke en geleenthede waar leiers uit al die verskillende groepe bymekaar is. Spesiale geleenthede om saam te bid, kan ook gereël word.

Gebed:

† Bid dat Christene wat verteenwoordigend is van al die verskillende partye, al hoe meer sal saam bid, nie net vir grondhervorming nie, maar ook vir mekaar.

Dag 25

Abahlobo: Om *"buddies"* te wees.

(*God's Way*-beginsel: Eenheid en samewerking)

Lees: Rut 1:16-17 en 1 Samuel 23:16-18, asook Johannes 15:15

Die groot fout wat ons dikwels maak, is om te dink dat eenheid tussen mense deur strukture geskep kan word. Jy kan olie en water in dieselfde pot gooi,

maar hulle sal nie meng nie. Olie het nou maar eenmaal die geneigdheid om bo te wil wees en bo te wil bly. Eenheid kan wel deur strukture belemmer en beduiwel word. Die Gees moet 'n band van eenheid en liefde tussen mense bring, dan kan hulle saam soek na 'n gepaste struktuur om die beste uitdrukking aan hulle eenheid te gee.

Die verhouding tusen Paulus en Timoteus word voorgehou as 'n goeie model vir dissipelskap. Paulus was vir Timoteus soos 'n vader (1 Timoteus 1:2) en Timoteus het Paulus in alles nagevolg (2 Timoteus 3:10-11). Elia was Elisa se leermeester en mentor. Hy het Elisa opgelei en voorberei om hom op te volg (1 Konings 19:16b en 2 Konings 2:1-3 en 15, asook 3:12). Maar die probleem met woorde soos *dissipelskap* en *mentorskap* is dat dissipelskap vandag heeltemal vergeestelik en tot die kerk beperk word, terwyl mentorskap sukkel om die konnotasie met baasskap af te skud. Beide dissipelskap en mentorskap kan alleen werk waar daar reeds 'n dieper verhouding van respek, liefde, ware vriendskap en wedersydse vertroue tussen die partye bestaan.

Die model vir ware vriendskap vind ons op talle plekke in die Bybel. Dink maar aan die verhouding tussen Naomi en Rut, en die bekende woorde van Naomi in Rut 1:16-17. Dink aan die vriendskap tussen Dawid en Jonatan en die verbond (belofte van trou) wat hulle voor God met mekaar gesluit het. Jonatan het Dawid bemoedig in sy vertroue op die Here. Hy het in Dawid geglo en alles in sy vermoë gedoen om Dawid te help om die man en koning te word wat God hom bestem het om te wees. Hy het nie aan sy eie belang en veiligheid gedink nie, maar aan dié van sy *"buddy"*. Dis 'n goeie voorbeeld van die gees en gesindheid wat Filippense 2:3-5 van ons vra. Dink ook aan die manier waarop Spreuke die waarde van vriendskap beskryf in gedeeltes soos Spreuke 27 verse 5-6, 9 en 17. Vriende leer mekaar, wys mekaar tereg, gee mekaar raad, help mekaar en vorm mekaar se karakter en persoonlikheid. Maar dis eintlik in die optrede van Jesus waar ons sien wat ware vriendskap is. Ons leer môre meer daarvan.

Die vraag is: Het jy *"buddies"* in die landbou? Is jy 'n *"buddy"* vir ander landbouers, ongeag hulle kleur of die grootte van hulle boerdery? Of is jy, in stryd met Christus se opdrag, net 'n *"buddy"* vir hulle van wie jy hoop om weer iets terug te ontvang (Lukas 6:32-35)?

Gebed:

† Bid dat landbouers mekaar se *"buddies"* sal word, en dat ware vriendskappe volgens die model van die Skrif tot stand sal kom.

Dag 26
Jesus, ons model vir ware vriendskap.

(*God's Way*-beginsel: Eenheid en samewerking)

Lees: Johannes 15:15

Op universiteit het ons 'n professor gehad wat ons studente altyd sy junior vennote genoem het. Al was ons kennis en vermoë maar 'n druppel in die emmer in vergelyking met dit waaroor hy beskik het, het ons nooit minderwaardig in sy geselskap gevoel nie. Hy het ons status verhoog van studente na junior vennote (met die verwagting dat junior vennote later senior en volwaardige vennote gaan word).

Dis presies wat Jesus in Johannes 15:15 ook gedoen het. Hy het ons status van diensknegte (werkers) verhoog na die van vriende. Deur dit te doen het Hy ons bevry van minderwaardigheid en ons in staat gestel om aan sy verwagtinge te voldoen.

Dit is die uitdaging waarvoor ons as Christen landbouers staan. Ons moet leer om só teenoor ons seuns, ons personeel, asook jong en/of onervare boere op te tree dat hulle nooit minderwaardig in ons teenwoordigheid voel nie. Ons moet hulle status van werkers, tot die van medewerkers verhoog. Ons moet hulle status verhoog van ondergeskiktes tot vriende. Dan alleen sal hulle in hulself begin glo en in staat wees om suksesvol te boer soos ons van hulle verwag.

Volgens die Woord het Jesus sy kennis en vermoë met ons, sy vriende kom deel. Trouens, Hy het alles met ons kom deel. Hy het sy Gees aan ons gegee, sodat ons as sy vriende ook sy Geesgenote kan wees. Dit was en is sy begeerte dat ons, sy vriende, sal bereik wat Hy bereik het. Dat ons sal doen wat Hy gedoen het, en nog meer. Hy het ons belange voorop gestel en was bereid om te sterwe sodat ons kan lewe. Niemand het groter liefde as dit nie, naamlik dat hy bereid is om sy lewe af te lê vir sy vriende.

Dit is hierdie soort vriendskappe waaraan ons in die landbou so 'n groot behoefte het. Dis hierdie soort vriendskappe wat sal maak dat die Here sy seën oor ons uitgiet soos 'n milde reën. Dis hierdie soort vriendskappe wat die berg van grondhervorming in 'n molshoop gaan verander. Dis hierdie soort vriendskappe wat die koninkryk van God sigbaar maak in 'n gebroke wêreld. Dis hierdie vriendskappe wat genesing gaan bring vir die groot seer en vrese wat mense met hulle saamdra – mense aan weerskante van die spektrum.

Wat 'n Vriend het ons in Jesus! Kom ons gaan wees 'n vriend en 'n *"buddy"* vir ander.

Gebed:

† In die wêreld word vriendskappe dikwels gesluit met die oog op die vraag: Wat kan ek daaruit kry? (Lees weer Spreuke 19:4). Christene behoort te vra: Wat kan ek vir my vriend beteken? Hoe kan ek hom dien? Bid vir vriendskappe in die landbou, vriendskappe volgens die model van Christus.

As Christen landbouers glo ons dat die oplossing van baie probleme in die landbou lê in die bou van hegte vriendskappe tussen landbouers. Nie selfsugtige vriendskappe met die oog op persoonlike wins nie, maar vriendskappe waarin landbouers mekaar dien en help om dié mense te word en te wees wat God hulle bestem het om te wees.

Dag 27
Die kerk moet leiding neem.

(*God's Way*-beginsel: Eenheid en samewerking)

Lees: Matteus 12:46-50 en Filemon:15-16

In die kerk spreek ons mekaar dikwels aan as broers en susters. Maar verstaan ons waaroor dit regtig gaan?

Jesus het ons status van diensknegte verhoog na dié van vriende. Maar Hy het nog verder gegaan. Hy het die status van sy vriende verhoog tot dié van familie. Hy noem ons sy broers en sy susters (Matteus 12:46-50 en Romeine 8:29, asook Hebreërs 2:11-12). Dit is 'n geweldige voorreg om deur Jesus sy broer of suster genoem te word.

Maar hierdie voorreg deel ons met baie ander. Almal wat Jesus se broer en suster is, is ook broers en susters van mekaar, ongeag of hulle die sendeling, werkgewer of werknemer is. Hulle het almal dieselfde Vader en is lede van dieselfde huisgesin (Filemon vers 15-16, Hebreërs 1:11 en Efesiërs 2:11-22).

Kerke, en by name gemeentes op die platteland het 'n Goddelike verantwoordelikheid om hulle lidmate op te voed en te leer om alle medegelowiges as broers en susters te sien en só teenoor hulle op te tree. Gemeentes moet die eerste wees om vriendskappe oor grense te bou. Die huidige krisis in landbou gaan ten diepste oor verhoudinge, en verhoudinge is nommer een op die agenda van die kerk (Johannes 17:21-23 en Efesiërs 2:11-22) – tensy ons Jesus en sy werk nie ernstig opneem nie. As die kerk 'n vesting vir taal, kultuur, tradisie en eie belange geword het (ongeag watter taal, kultuur of tradisie ter sprake is), vererger dit die probleme waarmee landbouers (swart, wit en bruin) worstel, in plaas daarvan om landbouers te help om hulle goddelike roeping uit te leef.

Die kerk (alle denominasies) moet doelgerig leiding neem om vooroordele en wanpersepsies na weerskante toe af te breek, vriendskappe te bou, asook begrip en waardering vir mekaar se andersheid te kweek (sonder om sondige praktyke wat deel van elke kultuur is, goed te praat). As daar ooit 'n tyd was waarop die kerk sy koninkryksroeping ernstig moet opneem, dan is dit nou. As landbouers het ons 'n groot waardering vir gemeentes wat dit wel doen, maar ons is diep hartseer oor baie wat dit nie doen nie.

Gebed:

- Bid dat gemeentes en kerke op die platteland doelgerigte leiding sal gee in die herstel en bou van verhoudings tussen kerke, bevolkingsgroepe, werkgewers en werknemers, asook tussen landbouers.
- Bid dat leiers van alle gemeentes (kerkleiers) absoluut gehoorsaam aan die Here sal wees en die regte leiding aan lidmate sal gee.

As Christen landbouers glo ons dat gemeentes en kerke op die platteland doelgerigte leiding móét neem in die herstel en bou van verhoudings tussen plaaslike gemeentes, bevolkingsgroepe, werkgewers en werknemers, asook tussen landbouers in die algemeen.

Dag 28
Belydenis en vergifnis lei tot eenheid.

(*God's Way*-beginsel: Eenheid en samewerking)

Lees: Jakobus 5:16-18 en 2 Kronieke 7:14

Dis nie net individue wat genesing benodig nie, maar ook families, kerke, groepe, volke, en lande. Dié wat onreg gepleeg het, asook dié wat veronreg is. Ons het ook Goddelike genesing in die landbou nodig. En volgens die Woord volg genesing op sondebelydenis, vergifnis en opregte gebed vir mekaar. Dis reeds 16 jaar na die beëindiging van Apartheid, en tog ly baie van ons steeds aan die siekte en newe-effekte van Apartheid (dinge soos rassisme; diskriminasie en omgekeerde diskriminasie; bitterheid; wantroue, ens). Dit geld ewe veel van alle Suid-Afrikaners.

By geleentheid het ek aan Boet Pretorius, ex-boer van Zimbabwe, gevra wat die werklike probleem was wat in Zimbabwe aanleiding tot die grondkrisis gegee het. Sy antwoord was insiggewend: ***God said: Rule over the land and love the people. But we loved the land and ruled over the people.*** Dit is die sonde wat bely moet word. Dit is van toepassing op landbouers uit die era van Apartheid, maar ook op landbouers wat steeds die gees van Apartheid in hulle hart omdra. Dit is ook van toepassing op almal wat nou oor mense loop en op mense trap om grond in die hande te kry. Wanneer ons mekaar in die oë gaan begin kyk en bely dat ons liefde vir die grond groter is as ons liefde vir mense, en ons begin om opreg vir mekaar te bid, sal God die landbou genees.

Daar is soveel goed wat oor en weer bely moet word: Die onreg van Apartheid; ongeldige grondeise en die ellende wat dit veroorsaak; korrupsie en miljoene rande se bedrog (waarmee baie plase al gekoop kon word); plaasmoorde; diefstal van vee en landbouprodukte; swak dienslewering;

uitbuiting; selfverryking; skade veroorsaak deur onbevoegdheid; rassisme; wantroue en agterdog; luiheid; mislukte bemagtigingsprojekte en gepaardgaande werksverliese en verkwisting van geld, en so kan ons aangaan. As iemand beweer dat hy nie sonde het of 'n aandeel het aan die noodtoestand in die landbou nie, bedrieg hy homself (1 Johannes 1:8-10).

Jy het 'n keuse. Jy kan al hierdie dinge gebruik om jou persepsies van ander in beton te giet. Jy kan besluit om gedurig te kla en bitterheid in jou hart om te dra. Maar dan gaan jy self nooit vry wees om waarlik te leef en jou eie roeping te vervul nie. Óf jy kan kies om ander te vergewe en vry te spreek. Jy kan kies om die kwaad met die goeie te oorwin, in plaas daarvan om kwaad met kwaad te vergeld. Jy kan kies om roekeloos lief te hê, eerder as om te verwens. Jy kan jouself bedrieg deur te glo dat jy altyd in alles reg is, en dat ander altyd verkeerd is, óf jy kan jou aandeel in 'n probleem bely en só 'n voorbeeld aan ander stel om ook hulle aandeel te bely. Jy kan kies om maar weer en weer vergifnis te vra vir elkeen wat daaraan behoefte het, eerder as om in selfgeregtigheid net op ander se sonde te hamer. Is Matteus 5:41 nie ook hier van toepassing nie?: As iemand jou dwing om sy goed een kilometer ver te dra, dra dit vir hom twee kilometer.

Gebed:

† *Here, ek bely opreg my aandeel in al die probleme rakende grondbesit en grondhervorming. Ek bely die onreg wat ek aan ander gedoen het, maar ook die goeie wat ek nagelaat het om te doen. Wys my asseblief alles wat ek spesifiek en by die naam moet bely, sodat ek vry en gesond kan word om my roeping te vervul, maar ook ander kan help om vry en gesond te word. Here, kom genees asseblief ons landbougemeenskap se groot seer.*

As Christen landbouers erken en bely ons dat Apartheid en die gepaardgaande diskriminerende wette ten opsigte van grondregte, op een of ander manier van ons almal slagoffers gemaak het. Ons erken en bely dat dié stelsel en wette verhoudings verpletter het; ons Christelike getuienis ongeloofwaardig gemaak het; baie mense ekonomies benadeel het; groot fisiese ontwrigting tot gevolg gehad het en tot diep emosionele pyn en hartseer aanleiding gegee het. As Christen landbouers wat deur Apartheid van mekaar geskei is, vra ons opreg vergifnis aan almal wat deur ons toedoen veronreg is, maar ons bied ook ons onvoorwaardelike vergifnis aan, aan almal wat óns seergemaak het. Ons spreek hulle vry sodat ons sáám kan soek na wen-wen-oplossings vir die pad vorentoe en sáám kan bou aan die koninkryk van God in die landbou.

Lees gerus die laaste hoofstuk van Nelson Mandela se outobiografie Long Walk to Freedom. Daarin vertel hy van sy ontdekking dat Apartheid slawe van beide swart en wit mense gemaak het. Hy vertel ook hoe hy tot die besef gekom het dat hy nooit sal vry wees voordat hy nie ook blankes vry maak nie, want beide was die slagoffer van 'n wrede stelsel.

Dag 29

God werk deur mense.

(*God's Way*-beginsel: God werk deur mense)

Lees: Genesis 1:26-28

Ek hoor dikwels mense sê: *God is in beheer, wat moet gebeur sal gebeur.* Dit klink só vroom en reg! Maar is dit 'n bewys van geloof, óf is dit dalk die ontduiking van verantwoordelikheid?

Dit bring ons by baie belangrike vrae: ***Het God nodig dat ek en jy bid, of wil Hy maar net hê ons moet bid? Het God ons nodig om iets te doen, of wil Hy ons maar net gebruik om iets te doen?*** Baie redeneer dat 'n almagtige God niks nodig het nie, nie ons óf ons gebede nie. In 'n sekere sin is dit waar, want God is God. Ons is van Hom afhanklik, nie Hy van ons nie. Maar wat verstaan ons onder God se almag?

Vir my beteken dit dat God alles wat Hy ***wil*** doen, ***kan*** doen. Wat God nie ***wil*** doen nie, ***kan*** Hy nie doen nie. Hy wil nie sonde doen nie, daarom kan Hy nie sonde doen nie. Die werklike vraag is dus nie of God sonder ons en ons gebede steeds alles ***kan*** doen nie. Die vraag is of God sonder ons en ons gebede enigiets ***wil*** doen. As God sonder ons steeds alles doen wat Hy wil, waarom bid ons? Mors ons dan nie ons tyd nie? Beslis nie! God het uit vrye wil besluit om sy saak, sy wil en sy begeerte in hierdie wêreld van mense se gebede afhanklik te maak. Die bekende Godsman, John Wesley het gesê: *God doen niks op die aarde nie, behalwe in antwoord op gelowige gebed.*

God het die skepping volledig aan Adam (verteenwoordiger van die hele mensdom) toevertrou. Hy het hom daarvoor verantwoordelik gemaak. Dit is duidelik uit die posisie waarin God vir Adam geplaas het. Dis ook duidelik uit die taak en verantwoordelikheid wat Hy aan hom gegee het. Die mens se opdrag was om as God se verteenwoordiger, namens Hom die skepping te bestuur en op te pas. God het dus die mens tussen Homself en die res van die skepping geplaas. Wat van die skepping sou word, het God in die hande van die mens geplaas. Die aarde was die mens se verantwoordelikheid. Om sy opdrag te kon uitvoer, het God die mens baie soos Hyself gemaak. Hy het die mens na sy beeld en gelykenis geskep.

God het uit vrye wil besluit om die realisering van sy wil in hierdie wêreld van die mens afhanklik te maak. Hierdie waarheid word deur die volgende bevestig:

1. **So volledig het God die aarde aan Adam toevertrou, dat Adam op sy beurt daarmee kon doen wat hý wou.** Wanneer Satan die Here Jesus versoek, wys hy Hom volgens Lukas 4:5-7 in 'n oogwink al die koninkryke van die wêreld en sê vir Hom: *Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid.* Wanneer Satan dit sê, ontken Jesus nie sy aanspraak nie. Hy het geweet dat Adam inderdaad dit wat God aan Hom toevertrou het,

aan die satan oorgegee het.

2. God het die aarde aan Adam toevertrou. Wat van die aarde en al sy inwoners sou word, goed of sleg, het God in Adam en sy nageslag se hande geplaas. (Dit beteken nie dat God sy rug op sy skepping gedraai het en nou onbetrokke is nie. Hy laat vaar nooit die werk van sy hande nie.) **So volledig en finaal was hierdie besluit van God** om nie weer die verantwoordelikheid vir die aarde uit die mens se hande te neem nie, **dat Hy self mens moes word om dit wat Adam verbrou het, reg te maak.** In Christus moes God mens word… die laaste Adam word (1 Korintiërs 15:45). Alleen as **Mens** kon God die lot en bestemming van dit wat Hy aan die mens toevertrou het, verander.

3. Dit verklaar ook waarom God nie engele gebruik om **die Evangelie te verkondig** nie. Hierdie verantwoordelikheid het Hy weereens aan mense toevertrou (Matteus 28:18-20). Al wil God hoe graag mense red, stuur Hy nie arbeiders om die oes in te samel sonder dat sy kinders Hom in gebed vra om dit te doen nie (Matteus 9:35-38).

4. **Die Bybel leer dat die mense wat gered is, saam met die Mens (Jesus) wat hulle gered het, vir ewig oor die aarde gaan regeer** (2 Timoteus 2:12; Openbaring 22:5). In Christus word ons heerskappy nie opgehef nie, maar vir ewig bevestig! In Christus is ons nie van ons taak onthef nie. Nee, in en deur Hom het God ons kom bevry van die bose. In Hom het Hy ons bemagtig om weer gehoorsaam aan ons oorspronklike roeping te wees, naamlik om as God se verteenwoordigers namens Hom oor die aarde te heers en dit op te pas.

Omdat God uit vrye wil besluit het om dit wat Hy op aarde wil doen, deur mense te doen, het Hy die gelowige gebed van sy kinders nodig en werk Hy deur sy kinders. Hulle is sy liggaam hier op aarde. Om dus nie te bid nie en daarna steeds te redeneer *wat moet gebeur, sal gebeur, omdat God almagtig is,* is niks anders as onverskilligheid, valse vroomheid en blatante ongehoorsaamheid nie.

'n Nuwe en regverdige grondbedeling wat tot almal se voordeel is, is God se wil en begeerte. Maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Dis my en jou verantwoordelikheid om voortdurend daarvoor te bid en te doen wat God ons beveel. *Suksesvolle grondhervorming hang dus van my en jou af.* Stel jouself dus tot beskikking van God. Gebruik die voorreg wat jy het om toegang te hê tot plekke, inligting en ondersteuning wat die wêreld nie het nie

(vgl. Dag 3). Begin veral baie meer tyd maak om te bid. Vestig gebedsgroepe waar jy woon en werk.

Gebed:

- ✝ Bid dat Christene in landelike en boerderygemeenskappe sal besef dat suksesvolle landbou-transformasie en grondhervorming van hulle afhanklik is. God wil dit deur hulle doen.
- ✝ Bid die gebed wat een van die kerkvaders, Augustinus, gebid het: *Here, vra wat U wil, maar gee ook wat U vra.*

Dag 30
God bemagtig mense vir hulle taak, ons moet ook.

(*God's Way*-beginsel: God werk deur mense)

Lees: Genesis 1:26-28 en Jesaja 28:23-29

Wanneer ons die Bybel lees, sien ons van Genesis tot Openbaring hoe God mense bemagtig. Dit is een van die basiese eienskappe van die Here: Hy stel mense altyd in staat om sy opdragte uit te voer (Filippense 2:13 en Levitikus 25:20-22). Hy bemagtig hulle. Dit is totaal in stryd met sy karakter om verantwoordelikhede op mense te plaas sonder om hulle te bemagtig om die verantwoordelikheid te dra.

In Genesis 1:27-28 het God Adam en Eva bemagtig deur hulle te seën. Só het Hy hulle in staat gestel om sy opdrag uit te voer en hulle roeping te vervul. In Eksodus 35:30 – 36:1 lees ons hoe die Here die vakmanne Besaleël en Oholiab bemagtig het vir hulle taak om ander vakmanne op te lei en al die werk van 'n vakman op 'n uiters bekwame manier te doen. Die Here het hom toegerus met sy Gees sodat Hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen: … (Eksodus 35:31). In 1 Samuel 16 tot 31 lees ons hoe die Here Dawid oor 'n periode van 10 jaar voorberei het om Koning oor Israel te word. In Jesaja 28 lees ons dat die Here boere leer en aan hulle die kennis gee hoe om alles te doen soos dit hoort. Dink ook aan die manier waarop Jesus sy dissipels oor 'n tydperk van drie jaar opgelei en bemagtig het vir die opdrag om dissipels van al die nasies te gaan maak.

Dit is onverantwoordelik om mense op landbougrond te sit en van hulle te verwag om te boer, as hulle nie vir die taak bemagtig is nie. Dis ook onbybels en wreed. Wanneer hulle misluk, word hulle verder verneder. Die gee van grond opsigself, is ook nie bemagtiging nie. In teenstelling met die populêre uitdrukking ***"Develop the land for the people"***, is dit ons oortuiging dat die Bybelse benadering die teenoorgestelde is: ***"Develop the people for the land".***

Boerdery is nie kinderspeletjies nie, al dink baie mense so. Boerdery is 'n besigheid wat moet rekening hou met al die aspekte van 'n normale besigheid. Dit is 'n fabriek sonder 'n dak en sekuriteitsheinings rondom alles. Dis blootgestel aan uiteenlopende weerstoestande en baie ander omgewingsfaktore. Naas al die interne faktore, is daar ook nog die talle eksterne invloede waarmee rekening gehou moet word: ekonomiese, politieke, sosiale en ekologiese faktore. Dink maar aan die beperkte beskikbaarheid van water, óf die invloed wat die subsidies wat Amerika en Europese lande aan hulle boere betaal, op die markte het. Dit alles maak die doelgerigte en planmatige bemagtiging van landbouers uiters noodsaaklik.

Verstaan die Besigheid van 'n Boerdery is 'n AMOS-kursus wat daarop gemik is om ervare landbouers te help om alle jong en/of onervare boere, asook plaaswerkers te leer om die besigheid van 'n boerdery te verstaan. Bemagtiging begin op die plaas: bemagtig jouself om ander te bemagtig!

Gebed:

- ✝ Bid vir die bemagtiging van ervare landbouers sodat hulle gewillig en bekwaam sal wees om alle jong en/of onervare boere en plaaswerkers te bemagtig.
- ✝ Bid dat die omvattende bemagtiging van nuwe boere 'n baie hoër prioriteit vir die regering en kommersiële boere sal word. Bid ook dat nuwe boere gemotiveerd sal wees om die nodige kennis en vaardighede te bemeester voordat hulle die alleenverantwoordelikheid van 'n boerdery en grond op hulle neem.

As Christen landbouers glo ons dat kennis en vaardighede éérs aan 'n nuwe geslag landbouers oorgedra moet word vóórdat die alleen-verantwoordelikheid op hulle skouers geplaas word om 'n landboubesigheid suksesvol te bedryf, of landbougrond produktief te benut. Ons glo dis liefdeloos, onverantwoordelik en onregverdig om eers verantwoordelikheid op iemand te plaas, en dan agterna, wanneer hy reeds seergekry het, kennis en vaardighede te wil oordra.

Dag 31
God het oop hande.

(*God's Way*-beginsel: Oop hande)

Lees: 2 Petrus 1:3 en 2 Korintiërs 9:6-15

Dit is totaal onmoontlik om die Bybel te lees sonder om tot die volgende twee gevolgtrekkings te kom:

- Die God van die Bybel is 'n God met oop hande. Hy gee en deel alles met ons!
- Omdat God ons na sy beeld geskape het, verwag Hy dat sy kinders ook met oop hande sal leef en deur hulle vrygewigheid die beeld van hulle vrygewige God sal vertoon.

Volgens Genesis 1 deel God sy beeld, sy asem, sy skeppende vermoë en sy heerskappy oor die aarde met die mens. As ons die Ou Testament lees, sien ons dat God se hande nooit toegegaan het nie. Uit sy hande kom alles wat goed en mooi is. In die Nuwe Testament lees ons dat God sy enigste Seun aan ons gegee het (Johannes 3:16) en sy Gees gestuur het om in ons te kom woon (Handelinge 2:4 en Romeine 8:9). Só het Hy Homself aan ons gegee.

Christus het Homself aan ons gegee toe Hy met oop hande aan die kruis gehang het. Vanuit daardie oop hande vloei 'n stroom gawes en seëninge na ons toe – te veel om op te noem. Hy skenk ons sy vryspraak, heiligheid en geregtigheid (1 Korintiërs 1:30). Hy gee aan ons die verlossing wat Hy bewerk

het. Hy deel sy oorwinning met ons. Nou is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat in ons leef (Romeine 8:39). Hy deel sy sterwe en opstanding met ons en so kry ons 'n nuwe lewe en nuwe identiteit (Romeine 6 en Kolossense 2:20 tot 3:17 en verder). Hy gee aan ons 'n hele verskeidenheid gawes van die Gees (1 Korintiërs 12:4-11 en 27-28; Romeine 12:4-8). Hy gee aan ons die mag om siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf (Matteus 10:8; Lukas 10:1-3 17 en Markus 16:16-18). Hy deel sy vrede, blydskap, liefde en wysheid met ons (Johannes 14:27 en 15:11; Romeine 5:5; 1 Korintiërs 1:30 en Jakobus 1). Hy deel sy Naam met ons. Ons word Christene genoem (Handelinge 11:26) en in sy Naam kan ons enige iets van die Vader vra en Hy sal dit vir ons gee (Johannes 14:13-14). Hy skeur die voorhangsel en gee ons deur sy bloed vrye toegang tot die Allerheiligste – die troon van God (Hebreërs 10:19). Hy deel sy erfenis met ons. Ons word sy mede-erfgename (Romeine 8:17). Hy deel sy reg om sonde te vergewe (Johannes 20:23) en Hy deel sy heerlikheid (Romeine 8:29-30). Hy deel selfs sy woonplek met ons. Hy het gegaan om vir ons plek gereed te maak, sodat ons kan wees waar Hy is (Johannes 14:3). Wanneer Hy weer kom, sal Hy sy reg om oor die wêreld en hemelwesens te oordeel, met ons deel (1 Korintiërs 6:2-3).

Ons is skatryk, bevoorreg, geseënd! Net so duidelik soos dit is dat ons God oop hande het, net so duidelik is sy opdrag dat ons as sy kinders oop hande moet hê. Wie dit nie in die Bybel lees nie, wil dit nie raaksien nie en is verblind deur die afgod van gierigheid (Efesiërs 5:5). Hulle is soos die ryk jongman wat net die Here gedien het tot op die punt dat Hy van hom verwag het om mededeelsaam te wees. Toe het hy omgedraai en weggeloop (Matteus 19:16-30). Tot watter mate ons God of Mammon dien, word eers duidelik wanneer die Here sê ons moet gee.

Gebed:

† Aanbid, loof en dank God vir sy oop hande!

Dag 32
Vrygewigheid!

(*God's Way*-beginsel: Oop hande)

Lees: 2 Korintiërs 8:9-15 en 1 Timoteus 6:17-19

Privaatbesit is Bybels! Dink maar aan Nabot wat kon weier om sy grond aan die koning te verkoop (1 Konings 21); Jeremia wat in opdrag van die Here grond moes koop (Jeremia 32); Ananias en Saffira wat met die verkoopprys van hulle grond kon doen wat hulle wou (Handelinge 5). Die gebod dat jy nie mag steel of 'n ander man se goed mag begeer nie, maak ook net sin as die reg op privaatbesit aanvaar word (Eksodus 20:15 en 17). Ten opsigte van grondhervorming is die beginsel van vrywillige verkoper en gewillige koper dus heeltemal Bybels.

Sosialisme is 'n goeie manier om almal ewe arm te maak. **Kapitalisme** is 'n goeie manier om sommiges ryk te maak en die gaping tussen ryk en arm te vergroot. Nêrens plaas die Bybel 'n beperking op hoeveel iemand mag besit nie, maar almal word altyd beveel om vrygewig en mededeelsaam te wees. **Christelike vrygewigheid** is God se manier om armoede te bestry. Sommige het steeds baie, maar nie te veel nie. Ander het min, maar nie te min nie (2 Korintiërs 8:13-15 en Handelinge 2:44 en 4:32-37). [2 Korintiers 8 en 9 handel oor armoedeverligting, vrygewigheid en hulp aan medegelowiges]. Armoedeverligting is nie 'n newe-produk van die evangelie nie, dis 'n wesenlike deel van die evangelie. **Christelike vrygewigheid** is ook die enigste manier waarop ons die afgod van gierigheid (Efesiërs 5:5 en Kolossense 3:5) in ons lewe kan lamlê en doodmaak.

Ek en jy sê maklik dat ons grond aan die Here behoort en dat ons grond nie vir ons 'n afgod is nie. Dis 'n wonderlike belydenis, maar wat bewys dat dit die waarheid is? Dis maklik om te praat! ***Talk is cheap,*** sê die spreekwoord. ***Praatjies vul geen gaatjies,*** lui 'n ander spreekwoord. Soos die egtheid van my en jou geloof getoets moet word (1 Petrus 1:6-7), móét die egtheid van bogenoemde twee belydenisse ook getoets word. Hoe?

Hoe belangrik die ryk jongman se geld en goed vir hom was, het eers geblyk toe Jesus hom beveel om alles weg te gee. Hoe belangrik besittings vir Ananias en Saffira was, het eers geblyk toe hulle voorgegee het dat hulle alles gegee het, terwyl hulle 'n deel teruggehou het. Ek is in my hart oortuig dat die Here in hierdie tyd die egtheid van Christen landbouers se belydenisse oor hulle grond en goed gaan toets.

Dink 'n bietjie na oor die volgende twee vrae:

- Is jy bereid om oor jou grondbesit en God se opdrag tot christelike vrygewigheid te bid - totdat jy 'n duidelike antwoord kry?

- Is jy bereid om God te gehoorsaam en in geloof te doen wat Hy sê, selfs al maak dit nie vir jou sin nie?

Moenie bang wees nie. In al drie die Skrifgedeeltes wat oor die ryk jongman handel, beloof die Here tydelike en ewige seën aan almal wat **ter wille van die evangelie en die Koninkryk van God,** afstand doen van onder andere grond, eiendom en huise (Matteus 19:16-30; Markus 10:17-30; Lukas 18:18-30).

Jy móét gee – daaroor hoef jy nie te bid nie – die Woord sê so. (Om daaroor te bid is net so onnodig as om te bid en te vra of jy iemand moet liefhê.) Jy moet slegs bid oor die vraag: **Wanneer moet ek hoeveel van wat aan wie gee?**

Gebed:

† *Here, ek bely dat ek niks het wat ek nie ontvang het nie. Daarom vra ek U om my te help om met al my goed te handel asof dit aan U behoort, want in werklikheid ís dit u goed. Maak my vrygewig soos wat U vrygewig is! Ek bid dat U dit vir alle landbouers sal doen.*

† *Here, help ons om 'n kultuur van "gee" aan te leer.*

As Christen landbouers glo ons dat, ten opsigte van grondhervorming, elkeen wat grond besit die opsie biddend móét oorweeg om 'n deel van sy/haar grond, of 'n aandeel daarin te gee aan mense (veral medegelowiges) wat die wil en die vermoë het om alleen, óf saam met hom/haar te boer.

Dag 33
Die gesindheid waarmee, en maniere waarop jy kan gee.

(*God's Way*-beginsel: Oop hande)

Lees: Deuteronomium 15:1-18

Ek weet jy kan sommer maklik 'n hele klomp goeie redes aanvoer waarom jy nie behoort te gee nie. Redes wat almal baie sin maak as jy nie wil gee nie. Maar as jy wil gee, is dit ewe maklik om 'n hele klomp maniere te vind waarop jy kan gee.

Die gesindheid waarmee jy gee is baie belangrik. Gee vrywillig ...

- Omdat jy dié aan wie jy gee, net so lief soos jouself het (want as jy nie liefhet nie, help dit nie jy gee nie – 1 Korintiërs 13:3);
- uit dankbaarheid vir alles wat jy ontvang het;
- omdat jy die beeld van jou vrygewige God wil vertoon;
- omdat jy gehoorsaam aan die Here wil wees;
- omdat die Gees jou vervul het (Handelinge 4:31-37);
- omdat jy mense liefhet en hulle wil help om selfvoorsienend te raak;
- omdat jy barmhartig is soos jou Vader barmhartig is;
- om onreg van die verlede reg te stel, soos Saggeus (Lukas 19:8) wat teruggegee het wat hy onregmatig bekom het (restitusie);
- om die mag en houvas wat geld en besittings so maklik op 'n mens kry, te breek (Prediker 5:9 en Lukas 18:18ev);
- omdat dit 'n mens gelukkiger maak om te gee as om te ontvang (Handelinge 20:35);
- Jy kan ook gewillig wees om ter wille van Christus liewer skade te ly, eerder as om in 'n konflik betrokke te raak (Matteus 5:40-42; 1 Korintiërs 6:7-8 en Hebreërs 10:34);

Om te kan gee, moet jy dalk bereid wees om af te skaal op jou leefstyl. Jou lewenskwaliteit is mos nie afhanklik van jou leefstyl nie. (Lees gerus weer Jesus se woorde in Lukas 12:15.) 'n Vriend van my in KZN het onlangs vir my vertel dat hy en sy vrou besluit het om, ter wille van die Koninkryk, 30% goedkoper te leef. Hy sê dit was 'n skokkende ontdekking om agter te kom dat hulle nie

eers nodig gehad het om enige iets wat werklik belangrik is, prys te gee nie. 'n Ander vriend het my vertel van hulle nuwe benadering tot lewenskoste: ***Live simply, so that others may simply live.*** Ons sal moet leer on 'n onderskeid te maak tussen hoë lewenskoste, en die koste van 'n hoë lewe (Amos 4:1 en verder).

Daar is verskillende maniere waarop 'n mens verantwoordelik kan gee. Elkeen van ons se omstandighede en vermoëns verskil. **Die Here verwag van almal om te gee, maar Hy verwag beslis nie van almal om dieselfde, óf ewe veel, óf op dieselfde manier te gee nie.** In die Bybel vind ons verskillende maniere waarop jy kan gee:

- Jy kan gee sonder om enige iets terug te verwag (Lukas 6:27-36);
- Jy kan rentevry aan iemand leen (Psalm 15:5 en 37:26);
- Jy kan skuld afskryf, of 'n persentasie van die skuld kwytskeld (Deuteronomium 15:1-11; Levitikus 25:10; Nehemia 5:11 en Lukas 6:34-36);
- Jy kan iets oorlos vir ander om te benut (Deuteronomium 24:19-21);
- Jy kan aan iemand die geleentheid bied om op sy voete te kom en selfversorgend te word. Dit is eintlik die bedoeling agter baie finansiële opdragte in die Bybel (Vergelyk Deuteronomium 15:12-18);
- Jy kan gee wat jy het (Handelinge 3:5-6). Jy kan kennis *oordra* en ervaring *deel;* Jy kan vaardighede *aangee;* Jy kan Jesus en sy Woord aan mense *gee;* Jy kan tyd aan iemand *afstaan* en opreg en met geduld na hom/haar luister; Jy kan iemand *toegooi* met jou gebede; Jy kan fisiese en emosionele genesing in die Naam van Jesus aan iemand *gee;* Jy kan 'n paar skaap aan 'n nuwe boer *gee,* en as jy dit saam met baie ander doen, help julle die boer sommer in 'n japtrap op sy voete; Jy kan *aanbied* om 'n ware vriend en broer vir iemand te wees, 'n *buddy!* Moontlikhede om met opregte liefde te gee, is onbeperk!

Neem ook kennis van Dag 35: Gee verantwoordelik.

Om te gee het 'n bykomende voordeel: Jy is vry om self te besluit aan wie jy wanneer wat wil gee, en op watter voorwaardes jy dit wil doen, indien enige. Dis jou goed en jy kan daarmee maak wat jy wil (Handelinge 5:4).

Op 'n onlangse besoek aan Uganda het ons Ugandese vriende ons vertel van 'n wonderlike gebruik wat hulle het wanneer twee mense trou. Familie en goeie vriende gee sover moontlik elkeen 'n koei aan die bruidspaar. Ons vriende praat van tussen 70-90 beeste wat elkeen van hulle met hul troue

ontvang het. Die ontvanger is egter verplig om die eerste verskalf wat die koei gee, weer aan die skenker terug te gee. Die koei is dus eintlik net rentevry aan die bruidspaar geleen om hulle te help om 'n eie boerdery te begin.

Gebed:

- Bid dat die Here sy kinders se oë sal oopmaak om te sien hoeveel hulle werklik het om aan ander te gee.
- Bid dat die Here jou sal wys wanneer jy op watter manier wat aan wie moet gee. Bid en luister, totdat jy hoor.
- Bid dat landbouers goeie rentmeesters sal wees van alles wat hulle van die Here ontvang.

Dag 34

Gee in gehoorsaamheid, al klop jou somme nie.

(*God's Way*-beginsel: Oop hande)

Lees: 2 Konings 4:42-44 en Spreuke 11:24-25

Soos die dissipels met die vermeerdering van die brood in Markus 6:35, het die slaaf van Elisa in 2 Konings 4 ook eers somme gemaak om te sien of gehoorsaamheid sinvol is of nie. Ons doen dit ook. Ons oorweeg ons finansiële posisie en omstandighede. Ons maak eers ons somme, en dan besluit ons of dit ekonomies sin maak om God te gehoorsaam of nie. Natuurlik moet jy in jou dag-tot-dag-beplanning en hantering van geld somme maak (Lukas 14:28-30). Maar as die Here jou 'n spesifieke opdrag gee, moet jy Hom onvoorwaardelik gehoorsaam, ongeag hoe jou somme lyk.

Ek onthou my eie ervaring aan die begin van 2006. Ons familie was reeds oortuig dat die Here van ons verwag om aan sommige van ons personeel 'n aandeel in ons boerdery te gee. Dit het egter op geen manier sin gemaak nie. Ons boerdery was te jonk en te klein, en bowendien moes ons ruimte skep vir ons seun wat aan die einde van die jaar sy B.Sc. Agric-graad sou behaal. Op 15 Januarie 2006 het ek gevas en gebid om duidelikheid oor die saak te kry. Ek het my somme gemaak en beswaar by die Here aangeteken: *Dit kan nie werk nie Here, U opdrag maak nie sin nie.* Toe het die Here met my gepraat uit 2 Konings 4:42-44. Hy het duidelik vir my gesê: *Moenie*

somme maak voordat jy My gehoorsaam nie. Doen eers wat Ek sê en jy sal ontdek dat daar oorbly. Ek sal sorg vir meer as genoeg.

Nou onlangs vertel 'n boer my die mooi getuienis van sy oupa, Snyman (TS) Pretorius. Hy het in 1937 daagliks met sy fiets gery om by 'n grofsmid (blacksmith) op die dorp te werk. Hy het baie swaar gekry, want die grofsmid het hom nie betaal soos ooreengekom nie. 'n Boer het 'n stukkie grond tot sy beskikking gestel waarop hy koring geplant het. Die Here het hom geseën met 'n baie goeie oes. Hy het £25 vir sy koring gekry. Hy is met die geld na Volkskas Bank en het 'n tjekboek gekry. Ten spyte van sy eie nood en behoeftes het hy vir die Here gevra wat hy met die geld moet doen. Die Here het gesê hy moet aan vyf instansies/mense elkeen £5 gee. Die vyfde persoon was die grofsmid wat hom nie betaal het nie. Dit het nie vir Oupa Snyman sin gemaak nie, maar hy het begin om die tjeks uit te skryf – die eerste vier! By die laaste tjek het hy vasgesteek. *Hy skuld my geld, nie ek vir hom nie Here,* het oupa Snyman redeneer. Uiteindelik het hy besluit om God te gehoorsaam en die laaste £5 tjek ook uitgeskryf. Baie jare later het TS Pretorius 27 plase besit. God is getrou. Ons moet net leer om Hom te gehoorsaam voordat ons somme maak.

As Gideon op grond van sy somme moes besluit of hy God gaan gehoorsaam, sou hy nooit met net 300 man teen die oormag Midianiete opgetrek het nie (Rigters 6-8); As die weduwee op grond van haar somme moes besluit of sy dit kan bekostig om gehoorsaam te wees, sou sy nooit haar laaste roosterkoek aan Elia gegee het nie (1 Konings 17:8-16). Dan sou nie Gideon of die weduwee ervaar het dat God by magte is om wonders te doen nie.

Gebed:

† Bid dat Christene (ook jyself) God in geloof sal gehoorsaam, en nie net wanneer hulle somme klop en sy opdragte vir hulle sin maak nie.

As Christen landbouers glo ons dat dinge in die regte volgorde gedoen moet word: Eers geloof en gehoorsaamheid, dan somme. Vir God is enige iets moontlik. Daarom mag ons nie eers somme maak en dan besluit of dit logies sin maak om Hom te gehoorsaam nie. Ons moet Hom in geloof gehoorsaam en as ons dan agterna ons somme maak, sal ons ontdek dat niks vir Hom onmoontlik is nie.

Dag 35
Gee verantwoordelik

(*God's Way*-beginsel: Oop hande)

Lees: Spreuke 13:11 en 23:5

Die waarheid van hierdie twee spreuke word bevestig deur 'n Afrikaanse spreekwoord wat lui: ***Erfgeld is Swerfgeld.*** In die boerdery leer ek landbouers dat *geld kruip by die agterdeur in, maar hardloop by die voordeur uit.* Dis makliker om geld uit te gee as om dit in te kry. As jy wel 'n groot som geld (of baie goed) maklik kry, bv. deur 'n erflating of regeringshulp, hardloop dit nóg makliker by die voordeur uit. Dan moet jy ekstra versigtig wees.

Onlangs het ek in die Oos-Kaap een van *AMOS* se kursusse, *Verstaan die Besigheid van 'n Boerdery,* aangebied. Toe ons by finansies en die gevare van kitsrykdom stilstaan, het een van die plaaswerkers die saak baie mooi opgesom. Hy't gesê: ***As jy geld en goed in 'n man se hand sit, voordat jy kennis in sy kop sit, soek jy moeilikheid.*** [Jy kan gerus die film, *The Ultimate Gift,* saam met jou kinders en/of personeel kyk. Dit hou direk verband met hierdie saak.]

Ons kinders was nog op skool toe ons aan elkeen, met inagneming van hulle ouderdomme, 'n maandelikse "salaris" betaal het. Hulle was dan verantwoordelik vir ál hulle eie goed, met die uitsondering van skoolklere. Dit het hulle van kleins af geleer hoe om met geld te werk; te begroot; finansiële selfdissipline; te onderskei tussen dit wat jy nodig het en dit wat jy graag wil hê. Hulle het finansiële vryheid gehad om met hulle geld te doen wat hulle wou, maar ook geleer om met die gevolge van hulle finansiële besluite saam te leef. Hulle was deurgaans daarvan bewus dat geld beperk is en dat jy nie maar net weer en weer bakhand kan kom staan nie.

Om die nalatenskap van Apartheid in die landbou reg te stel, vereis vir seker dat daar grond en aanvangskapitaal aan voorheen benadeeldes gegee moet word. Niemand kan vandag begin boer sonder dat hy/sy deur iemand (dit kan ook die regering wees) in die posisie geplaas word om 'n begin te maak nie. MAAR, daar moet op 'n verantwoordelike wyse gegee word. Daar moet op een of ander manier verseker word dat die *"rykdom wat sommer so gekom*

het", nie oornag vlerke kry en wegvlieg nie. Elke skenkingsooreenkoms moet dus 'n plan insluit hoe om die gevare waarvan Spreuke 13:5 en 23:5 praat, die hoof te bied. Daar moet verseker word dat dit wat gegee word, wel die doel dien waarvoor dit gegee word. 'n Kosbare, skaars en duur kommoditeit soos landbougrond kan nie roekeloos in die hande van mense geplaas word nie. 'n Verskeidenheid vaardighede, morele waardes, geloofsoortuigings en 'n gesonde huweliksverhouding is belangrik by die keuse van geskikte kandidate. Naas bogenoemde, behoort slegs hulle wat ook 'n passie vir landbou het, 'n bydra tot voedselsekerheid kan lewer en basiese finansiële vaardighede besit, as begunstigdes van landbougrond oorweeg te word.

Die wat landbougrond die nodigste het, is ook die mense wat finansiële kennis en 'n verskeidenheid ander vaardighede die nodigste het. Dis veral ons plaaswerkers en hulle kinders wat omvattende bemagtiging dringend benodig, sodat hulle ook waardige grondeienaars en bekwame boere kan word. (Op die voorwaarde dat ons besef alle mense is nie entrepreneurs en/of potensiële alleeneienaars van 'n besigheid so kompleks as boerdery nie.)

Gebed:

- ✝ Bid teen al die gevare wat kitsrykdom inhou, ook en veral vir jong en/of nuwe boere. Bid dat die Here aan hulle die wysheid en vaardigheid sal gee om met geld te werk soos Hy wil.
- ✝ Bid dat mense nie hulle vertroue op kitsrykdom (ook die Lotto) sal plaas nie, maar bereid sal wees om te leer, geleer te word en hard te werk. Bid vir getrouheid in klein dingetjies.

As Christen landbouers glo ons dat daar op 'n verantwoordelike wyse gegee móét word en dat die gevare van kitsrykdom vermy móét word. Begunstigdes moet éérs bemagtig word om op 'n verantwoordelike wyse te ontvang en dit wat hulle kry, te gebruik vir die doel waarvoor dit aan hulle gegee is. "Eers kennis in die kop, dan grond en geld in die hand."

Dag 36

Vernietig die afgod van gierigheid en die gees van *"land grabbing"*

(*God's Way*-beginsel: Oop hande)

Lees: Matteus 6:24, Efesiërs 5:5 en Kolossense 3:5, asook Prediker 5:9

Gierigheid is afgodery. Jy kan nie God en Mammon dien nie. Dis die een of die ander.

As daar twee sondes in die Ou Testament is waarteen die profete die meeste gewaarsku het, dan is dit afgodery en sosiale onreg (die afwesigheid van reg en geregtigheid teenoor almal, ook die weerloses en die armes.) Die volk word gedurig opgeroep om alle afgodsaltare af te breek.

As Gierigheid 'n afgod is, beteken dit dat sy altaar afgebreek moet word. Gierigheid móét vernietig word. Gierigheid sê: *Gee nóg, gee nóg, gee nóg, want ek kry nooit genoeg nie. Gee nog, want jy weet nie wat jy dalk môre gaan nodig kry nie.* Christus het juis gekom om die werk van die duiwel te vernietig. Omdat Christus in ons bly, kan ons dit ook vernietig (1 Johannes3:8b en 4:4). Die enigste manier hoe jy die altaar van die afgod Gierigheid kan afbreek, is deur presies die teenoorgestelde te doen: *Gee en gee, gee baie, en hou aan gee.* As jy nie aanhou gee nie, gaan die afgod van gierigheid gou-gou weer die oorhand oor jou kry. Jy gaan weer jou knie voor hom buig. Want die materialistiese wêreld waarin ons lewe en die advertensiebedryf wat 'n behoefte skep aan goed wat ek en jy nie nodig het nie, is konstant besig om nuwe altare vir die afgod van Gierigheid in jou lewe op te rig. Jy moet aanhou om sy altare af te breek deur aan te hou gee.

Een van die baie sondes wat die verering van die afgod Gierigheid tot gevolg het, is *"land grabbing"*. "*Land grabbing"* of grondbesetting manifesteer in kolonialisme, Apartheid, die onlangse gebeure in Zimbabwe, en op vele ander maniere – wettig en onwettig! Soos Gierigheid, is *"land grabbing"* 'n gees wat gebreek moet word. Die oorwinning wat Christus oor gierigheid behaal het, kan net op een manier effek in ons lewe kry. Dit is deur grond te gee, in plaas van te gryp. Dit is my vaste oortuiging op grond van die getuienis van die Woord en die Gees in my hart. Omdat enkele boere

reeds gegee het (nie verkoop het nie), is daar klaar duidelike krake in die altaar. Hoe meer landbouers egter hulle hand oopmaak en gee, hoe vinniger gaan die altaar totaal verwoes word en dié gees sy houvas op mense verloor.

Vroeër (Dag 33) het jy reeds gelees van die verskillende maniere waarop gegee kan word. Moontlikhede is onbeperk.

Gebed:

- Bely alle selfsug en gierigheid in jou lewe. Indien jy baie ingestel is op besittings, gemak en gerief, bely dit in die lig van 1 Johannes 2:15-17 en 2 Timoteus 3:4. Bid dat die Here jou sal wys as dit 'n probleem in jou lewe is, want dikwels sien ons dit nie self raak nie. Ons het te gewoond geraak daaraan.
- Bid teen vrees vir armoede, want dit voed gierigheid. By geleentheid het Makesure, een van my vriende in Zimbabwe gevra: ***What is worse than poverty?*** Toe gee hyself die antwoord: ***The fear of poverty!*** Hy het gesien dat ryk mense se vrees vir armoede 'n groter invloed en houvas op hulle lewe het, as wat armoede op arm mense het.

As Christen landbouers glo ons daar is slegs een manier om die oorwinning wat Christus oor die afgod, Gierigheid, behaal het, effek in ons lewe te gee, en dit is om presies die teenoorgestelde te doen: GEE! Daar is slegs een manier om die gees van "land grabbing" in Afrika te vernietig, en dit is deur grond te gee.

Dag 37

Beloon getrouheid

(*God's Way*-beginsel: Oop hande)

Lees: Matteus 25:14-30

In Zimbabwe het *AMOS,* onder leiding van Boet, Lyson, Godfrey, Makesure en andere groot welslae behaal. Een van die beginsels wat gebruik word, is om ***mense te beloon vir getrouheid.*** Gedurende die eerste jaar het boere opleiding ontvang in *"Grondwaarhede van die Woord"* en *"Farming God's Way"*. Hulle het ook insette gekry om 10m x 10m te plant. Op die stukkie grond moes hulle implementeer wat hulle geleer het. Dié wat getrou was en

gedoen het wat hulle geleer is, het gedurende die tweede jaar die *Huwelikskursus*, asook 'n *finansiële kursus* gedoen. Daarmee saam het hulle dan saad ontvang om 'n halwe hektaar te plant. Die resultaat van die projek is dat boere nou maklik tien keer meer as in die verlede oes.

Die wêreld beloon dikwels ontrouheid. Dit is in stryd met die Woord. Dit lei altyd tot 'n bose sirkel van groter armoede, afhanklikheid en onverantwoordelikheid. Dink maar aan die groot hoeveelheid kindertoelae wat maandeliks in SA uitbetaal word. Buite-egtelike swangerskappe van jong meisies neem net toe. Armoede, afhanklikheid en onverantwoordelikheid neem net toe.

Mense het nie almal dieselfde vermoë en bekwaamheid nie – dit word deur die Skrif bevestig (Matteus 25:15). Maar die beginsel is dat jy getrou moet wees in die hantering van wat jy ook al gekry het – baie of min. Wie getrou is, word beloon. As jy self nie sonder toesig kan werk nie, hoe kan jy as toesighouer aangestel word? As jy nie jou fiets kan oppas nie, wie sal aan jou 'n voertuig gee? As jy nie verantwoordelik is in die besteding van R2 000 rand nie, sal net 'n dwaas R2 000 000 aan jou toevertrou. In die keuse van begunstigdes móét daar dus altyd gesoek word na mense wat getrou is in die klein dingetjies. Hulle is volgens die Skrif die beste mense om met meer te vertrou.

Gebed:

- Bid dat die Here ons as landbouers getrou sal maak in die klein dingetjies.
- Bid dat getrouheid in klein dingetjies 'n al hoe belangriker maatstaf sal word in die identifisering van begunstigdes vir landboubemagtiging. Bid dat politieke oortuigings, nepotisme (bevoordeling van familie en vriende) en omkopery geen rol sal speel nie.

As Christen landbouers glo ons dat, in die keuse van begunstigdes vir landbougrond, daar altyd gesoek móét word na mense wat getrou was en is in die klein dingetjies. Grondhervorming is immers nie in die eerste plek 'n barmhartigheidsaksie nie, maar die skep van 'n geleentheid vir iemand om ekonomies selfstandig te word, werksgeleenthede te skep en 'n bydrae tot voedselsekerheid te lewer.

Dag 38

Geroep om te dien.

(*God's Way*-beginsel: Om te dien)

Lees: Markus 10:41-45 en Johannes 13:12-17, asook Filippense 2:3-8

In die wêreld is "*dien"* altyd eenrigting verkeer. Die mindere dien die meerdere! In die Koninkryk van God, sê die Here, moet dit nie so wees nie. Daar is *"dien"* tweerigting verkeer. In die Koninkryk, volgens die Koning se eie voorbeeld, dien die meerdere ook die mindere (Markus 10:42-45), en die burgers dien mekaar (Galasiërs 5:13)!

Om te dien, beteken om ander se belange voorop te stel. Die eerste vereiste vir diens, is om te <u>*sterf aan jouself*</u>. As jy met Christus gesterf het, is die "e*ie ek"* mos dood, en daarmee saam dinge soos selfsug en eiebelang. Dan leef jy nie meer nie, maar Christus leef in jou. En ons ken Hom. Hy het nie aan Homself gedink nie, maar homself volledig prysgegee (weggegee) ter wille van ons en die koninkryk van God (Romeine 15:1-3). Omdat Jesus in hulle leef, skryf Paulus herhaaldelik aan die mense in Korinte dat hulle bereid moet wees om ook afstand te doen van sekere regte en voorregte. Hulle moet dit doen ter wille van ander en ter wille van die voortgang van die koninkryk van God. Maar hy skryf dit nie net nie, hy wys hulle ook op sy eie voorbeeld. Hy skryf: Doen afstand van julle reg om hof toe te gaan as julle deur 'n medegelowige benadeel word (1 Korintiërs 6:1-8). Doen ook afstand van jou reg om te eet en te drink wat jy wil (8:1-13). Dan wys hy hulle 'n paar keer op sy eie voorbeeld: Ek het afstand gedoen van my reg op vergoeding (9:1-18), en my vrye reg om te leef soos ek wil (9:19-27), asook my reg om in die erediens in ongewone tale te bid (14:18-19). *Omdat Paulus aan homself gesterf het, was dit nie vir hom pynlik om afstand te doen van 'n reg nie. Wat hom aanbetref, het hy bloot gekies vir 'n beter weg.*

In grondhervorming moet almal die fokus wegskuif van die houding: Dit is my reg!, na die vraag: Wat is die beter weg? Hoe kan ek die belange van ander, die land en die Koninkryk dien?

Om te dien, beteken om ander te help om hulle drome en ideale te verwesenlik. Die tweede vereiste vir diens, is om te <u>*sterf aan jouself*</u>. By

geleentheid het Boet Pretorius, 'n boer van Zimbabwe wat in 2001 al drie sy plase verloor het, aan 'n bestaansboer in Zambië gevra wat sy droom is. Die ambisieuse jongman het geantwoord: *Ek wil die beste boer in Zambië word.* Later het die Zambiër vir Boet gevra: *Meneer, het jy nog enige drome oor na dít wat met jou gebeur het?* Toe het Boet geantwoord: *Ja, my droom is om jou die beste boer in Zambië te maak.* Kom ons as Christen landbouers help ander om hulle landboudrome waar te maak, in plaas daarvan om net ons eie drome na te jaag.

Om te dien, beteken om mense wat in nood is, toe te laat om jou agenda te verander en jou begroting te beïnvloed. Die derde vereiste vir diens, is om te *sterf aan jouself*, want 'n springlewendige "eie ek" weier om te dien. Om 'n dienskneg te wees, beteken jy neem nie self besluite oor jou eie dagprogram nie. Jou werkgewer sê vir jou wat jy moet doen. Hy bepaal jou agenda. Om dienskneg te wees beteken dat ek en jy moet toelaat dat ander in nood ons agenda bepaal, soos in die verhaal van die Barmhartige Samaritaan. Hy is by die huis weg met 'n doel, 'n klompie voorraad, 'n begroting en 'n tydskedule. Langs die pad loop hy toe 'n man raak wat in nood is. Onmiddellik het hy toegelaat dat dié man in nood sy tydskedule en reisplanne verander. Hy het die beseerde man toegelaat om sy begroting omver te gooi en aanspraak te maak op sy beperkte voorraad kos en medisyne. Hy het van sy rydier afgeklim, en dit tot beskikking van die vreemdeling gestel (Lukas 10:25-37). Omdat hy die man in nood net so lief soos homself gehad het, was die Samaritaan bereid om hom te dien. Die landbou en landbougemeenskap in beide Suid-Afrika en Afrika, is in groot nood. Kom ons verander ons agendas en wysig ons begrotings om hierdie nood effektief aan te spreek. Beide landbouers en regerings moet dit doen.

Om te dien, beteken om ander se lot en bestemming te verander. Die vierde vereiste om te dien, is om te *sterf aan jouself* en Jesus, die rolmodel vir alle dienaars, toe te laat om in en deur jou te lewe. Die manier waarop Jesus ons kom dien het, het ons lot en ons bestemming permanent verander! Ons was bestem vir die straf van God, die ewige dood (Romeine 6:23 en Efesiërs 2:1-3). Ons was sonder God, sonder hoop en sonder toekoms. Maar nou is ons gered. Ons besit die ewige lewe en is bestem om in Jesus se ewige heerlikheid te deel. Die volle oorgawe waarmee Jesus ons kom dien het, het ons lot en bestemming permanent verander.

Daar is baie dinge wat die toekoms van ’n gesonde landboubedryf in Suid-Afrika en Afrika bedreig. Grondhervorming, as dit nie reg hanteer word nie, is een hiervan. Maar daar is ook ekologiese-, ekonomiese-, politieke-, sosiale-, opvoedkundige- en morele faktore wat die landbou bedreig. Nogtans kan ons, wanneer ons bereid is om te dien, die lot van Afrika en sy mense verander.

Gebed:

† Bid dat Christen landbouers, meer as ooit tevore, bereid sal wees om ander te dien. Bid dat ons die hart en gesindheid van Jesus sal hê en sy voorbeeld sal volg.

As Christen landbouers in Afrika, glo ons dat ons geroep is om die landbou en landbougemeenskap in Afrika te dien en so die lot, maar ook die beeld van Afrika te verander. Ons onderneem om nie net aan ons eie belange te dink nie, maar ook aan dit wat in belang van die Koninkryk van God en die mense van Afrika is.

Dag 39

Effektiewe dienslewering.

(*God’s Way*-beginsel: Om te dien)

Lees: Romeine 13:1-7 en 1 Timoteus 2:1-4

My Bybel is nie ’n foto-album nie. Nogtans is daar een foto in my Bybel, ’n koerantfoto van die Minister van Landbou. Elke keer as ek die foto sien, herinner dit my aan die Here se opdrag in 1 Timoteus 2:1-2. Ek moet die minister en haar span dien met my gebede. Ek moet ook hulle nood en behoeftes na die Here dra. Selfs met invaltyd op ons plaas bid die werkers vir óns minister en adjunk minister van landbou. Volgens Romeine 13 het die Here hulle oor ons aangestel. Voordat ons kom by die regering se verantwoordelikheid om diens te lewer, is die vraag: Tot watter mate kom jy jóú verantwoordelikheid na om die regering met jou gebede te dien? Dis immers die Here se opdrag, ook aan my en jou! In antwoord op ons gebede skep Hy ’n klimaat van vrede en harmonie in die land wat tot voordeel van landbou, maar ook van die koninkryk van God is.

Dit is nie die tyd en plek om volledig stil te staan by wat die Woord sê oor die taak en verantwoordelikheid van die regering nie. Uit gedeeltes soos Deuteronomium 1:9-18 en Psalm 78:70-72 en Romeine 13:1-8 is 'n hele paar sake reeds duidelik:

- Die owerheid het 'n verantwoordelikheid teenoor God. Hulle moet onthou dat hulle ook aan God rekenskap sal gee oor hoe hulle die gesag wat Hy aan hulle gegee het, gebruik het.
- Die owerheid is 'n ***dienaar*** van God, geroep om die mense oor wie dit regeer, ***te dien.*** Die woorde wat in Romeine 13:4 en 6 vir die owerheid gebruik word, is die woorde ***diakonos*** en **leitourgos**. Dieselfde woorde word op ander plekke gebruik om die *amp en taak* van die diaken en die bedienaar van die Woord aan te dui. God stel dus die owerheid in 'n bepaalde amp, en die owerheid moet sy ampsbevoegdheid gebruik om die mense oor wie hy regeer, te dien.
- Die belangrikste verantwoordelikheid van die owerheid is om objektief reg te spreek in enige geskil tussen mense. Die owerheid moet sorg vir vrede en harmonie in die land. Die owerheid mag op geen manier partydig wees nie (Lees Deuteronomium 1:16-17).
- Die taak van die owerheid is anders as dié van die individuele gelowige. Die owerheid moet gehoorsame landsburgers prys en kwaaddoeners straf, terwyl gelowiges die kwaad met die goeie moet oorwin (Romeine 12:17-21 en 13:4).
- Die regering en amptenare moet hulle werk met integriteit en vaardigheid doen (Psalm 78:72). Dit moet mense wees wat wysheid, insig en kennis het, mense na wie jy kan opsien (Deuteronomium 1:13).

Landbouers het 'n geweldige verantwoordelikheid teenoor die regering en die land. Maar net so ook het die regering 'n geweldige verantwoordelikheid teenoor die landbouers en al die mense van die land. Landbouers is ook geregtig op effektiewe dienslewering, die instandhouding van landelike infrastruktuur, beveiliging, beskerming teen alle vorme van onreg, ensovoorts, ensovoorts. Indien die regering toelaat dat landbouers vuisvoos geslaan word, sal landbouers beslis nie in staat wees om hulle, of nuwe boere op enige effektiewe manier by te staan en te help om van grondhervorming 'n sukses te maak nie.

In die 1933/53 Afrikaanse vertaling van Prediker 5:8 staan: Maar 'n voordeel vir 'n land onder alles is dit: 'n koning wat aan die landbou diensbaar word. [Dit is skynbaar 'n baie moeilike teks om te vertaal, want byna elke vertaling vertaal dit

anders. The Interlinear Bible vertaal die teks (vers 9 in dié Bybel) letterlik: *And the advantage of a land, it is among all; even a king has a field being tilled.* Die New King James vertaal dit: *Moreover the profit of the land is for all; even the king is served from the field.]*

Een ding is duidelik: Dit is tot almal se voordeel as ons mekaar begin dien, soos Jesus vir ons die voorbeeld gestel het.

Gebed:

- † Bid vir die owerheid en alle landbouleiers. Bid vir die minister van landbou en almal wat saam met haar werk. Bid vir almal in die Departemente van Landbou – nasionaal en provinsiaal.
- † Bid dat alle Christene in die landbougemeenskap hulle gebeds-verantwoordelikheid teenoor die owerheid en alle landbouleiers effektief sal nakom.

Wanneer bogenoemde <u>vyf *God's Way*-beginsels</u> in situasies en plekke waar ons in doodloopstrate beland het, toegepas word, bied dit altyd goeie resultate en baie nuwe moontlikhede. As jy dit op die plaas toepas, word jou boerdery nuut; as jy dit in jou huwelik toepas, lei dit tot nuwe vervulling en huweliksvreugde; as jy dit in jou gemeente toepas, is daar ongekende groei. Kom ons waag dit in die geloof om hierdie beginsels op grondhervorming van toepassing te maak. Op grond van die Woord en my ervaring oor baie jare is ek vas oortuig: Resultate is gewaarborg.

As Christen landbouers onderwerp ons ons aan die gesag van die owerheid, omdat ons glo dat God die owerheid oor ons aangestel het. Ons aanvaar ook ons deurlopende verantwoordelikheid om vir die owerheid en almal wat gesag uitoefen, te bid. Verder verklaar ons onsself bereid om die owerheid te dien met kundige, onpartydige en Bybels verantwoordbare advies ten opsigte van landbou-aangeleenthede. Ons is bereid om alles binne ons vermoë te doen om alle verhoudinge wat 'n direkte invloed op die landbou en landbougemeenskap het, te herstel en te bou.

Ons dring egter ook daarop aan dat die owerheid 'n effektiewe diens aan die landbou en landbougemeenskap sal lewer. Ons verwag insig en begrip ten opsigte van die unieke aard van boerdery en die talle risiko's waaraan dit blootgestel is. Ons verlang die nodige ondersteuning om te verseker dat Suid-Afrika en Afrika nie net voedselsekerheid sal hê nie, maar ook voedselvryheid* sal geniet. (**Selfvoorsienend in basiese voedselbehoeftes sodat ons nie gemanipuleer kan word deur lande wat voedsel uitvoer nie.*)

Dag 40

Elkeen raak betrokke waar hy/sy bly en boer.

Lees: Nehemia 2:1-12, asook 3:10 sowel as verse 22-23 en 28-29

Nehemia het 'n visie van die Here af gekry (2:12). Sy opdrag was in nasionale belang. Hy het die nodige magtiging en ondersteuning van die koning gekry (2:4-9), ondersoek ingestel na die aard en omvang van die taak en toe mense gemotiveer om betrokke te raak. Twee goed is opvallend: Eerstens het die koning nie ingemeng met die operasionele plan en die dag-tot-dag-bouproses nie. Dit was nie sy werk nie. Hy het die opdrag gegee en aan die einde moes Nehemia aan hom verslag doen (13:6). Tweedens het Nehemia die werk tussen almal verdeel (hoofstuk 3). Meeste was verantwoordelik vir die herbou van die muur regoor hulle huise.

Dit is ons oortuiging dat grondhervorming slegs sal slaag as die verantwoordelikheid sinvol tussen rolspelers verdeel word, veral tussen die regering, georganiseerde landbou en begunstigdes.

Een voorstel is dat die regering net breë beleidsriglyne en doelwitte daarstel, natuurlik in oorleg met die landbousektor. Plaaslike boere-verenigings word dan verantwoordelik gemaak vir die vestiging van nuwe boere in hulle eie gebied, met verslag aan die regering. In breë trekke kan die verantwoordelikheid as volg verdeel word:

<u>Die staat se verantwoordelikheid is onder andere</u>:

- ✓ Daarstelling van beleids- en realistiese tydsraamwerke;
- ✓ Daarstelling van realistiese doelwitte;
- ✓ Befondsing volgens vermoë en begroting, nie net van grond nie, maar ook van relevante opleiding en toerusting;
- ✓ Professionele ondersteuning deur veral 'n effektiewe Departement van Landbou;
- ✓ Monitering en evaluering van boereverenigings se resultate.

<u>Die boereverenigings se verantwoordelikheid is onder andere</u>:

- ✓ Die opstel van operasionele planne met inagneming van plaaslike omstandighede;

- ✓ Die identifisering en keuring van kandidate uit hulle eie omgewing;
- ✓ Die bepaling van opleiding wat nog benodig word;
- ✓ Die opleiding van kandidate (self of deur opleiers van hulle keuse);
- ✓ Die identifisering van geskikte en goeie grond;
- ✓ Die omvattende ondersteuning van kandidate deur die hele proses en hulle inskakeling by verskillende landboustrukture;
- ✓ Die bepaling van hulle eie bydrae, hetsy ten opsigte van grond, implimente, produksiemiddele, dienste, ensovoorts.
- ✓ Dag tot dag bestuur van die projek;
- ✓ Verslag aan die Minister van Landbou.

<u>Hierdie benadering hou vele voordele vir almal in</u>:

1. Dit is op verhoudings en onderlinge vertroue gebou en bevorder eenheid in die landbou;
2. Dit hou rekening met plaaslike omstandighede;
3. Dit laat ruimte vir ’n verskeidenheid planne en benaderings;
4. Grondhervorming word tot ’n groot mate geprivatiseer, wat maak dat mense op grondvlak eienaarskap aanvaar vir die sukses daarvan;
5. Kleiner boere (wat die meerderheid in die land is) kry die geleentheid om saam met ander betrokke te raak, terwyl hulle op hul eie nie sommer ’n wesenlike bydrae sou kon lewer nie;
6. Die wyd uiteenlopende kundigheid (van mans en vroue) wat binne ’n boerevereniging beskikbaar is, word benut, in plaas van net die beperkte kundigheid van een mentor.
7. ’n Gesonde mate van kompetisie kan tussen boereverenigings ontstaan aangesien hulle naam en eer op die spel is;
8. Nie net kundigheid nie, maar ook passie word na die tafel gebring, aangesien daar in elke boerevereniging ten minste een persoon is wat werklik ’n roeping vir die saak ervaar en leiding wil neem;
9. Sukses-modelle word dwarsoor die land gevestig;
10. Landbou- en landbouverwante maatskappye kan op plaaslike vlak op ’n verskeidenheid maniere betrek word;
11. Plaaslike kerke kan ’n belangrike bydrae lewer;
12. Daar kan vroegtydig aandag gegee word aan die onderwys en opvoeding van die kinders van begunstigdes, sodat die suksesverhaal nie na een geslag weer ten einde loop nie;
13. Die kennis en ervaring wat tydens die eerste rondte opgedoen word, kan maak dat die proses vinniger en meer effektief herhaal kan word, totdat finale doelwitte bereik is;

14. God word verheerlik, die regering se doelwitte word bereik, georganiseerde landbou maak 'n verskil, voorheen benadeeldes word suksesvol in die landbou gevestig en voedselsekerheid kom nie in die gedrang nie.

Gebed:

- Bid dat die Here, in antwoord op die gebede van sy kinders, 'n verskeidenheid praktiese en werkbare planne aan hulle sal openbaar. Bid dat Christen landbouers die geloof sal hê om God te gehoorsaam, want sy planne kan onmoontlik lyk en nie vir ons sin maak nie.
- Bid vir goeie samewerking tussen al die rolspelers, veral landbou en die regering.
- Bid vir plaaslike boereverenigings en hulle rol in die grondhervormings-proses.

As Christen landbouers glo ons dat beide die regering en die landbou 'n belangrike en unieke bydrae tot grondhervorming móét lewer, maar dat elkeen ook 'n beperkte verantwoordelikheid het. Wanneer hulle, in plaas daarvan om hande te vat en saam te werk, gedurig op mekaar se unieke terreine inmeng, stel dit die landboubedryf aan onnodige spanning en konflik bloot.

Standpunt

As Christen landbouers glo ons op grond van die Woord:

1. Dat transformasie op 'n persoonlike vlak begin. Landbouers moet deur Christus gered, vrygespreek en nuutgemaak word. Hulle moet bewus wees van hulle nuwe identiteit in Hom en in ooreenstemming daarmee leef.
2. Daar is nie een super grondhervormingsplan wat oral vir almal gaan werk nie. Ons God is meer kreatief en prakties as dit. Daar moet ruimte vir 'n verskeidenheid planne gemaak word.
3. Dat ons oor grondhervorming móét bid totdat ons hoor wat God vir ons sê om te doen. Dan móét ons Hom gehoorsaam. Op plaaslike vlak kan groepe ook saam bid om te hoor wat hulle gesamentlik moet doen.
4. God werk deur mense. Ons as Christen landbouers, elke een van ons, moet onsself in volle oorgawe tot beskikking van die Here stel, sodat Hy sy planne ten opsigte van landbou-transformasie en grondhervorming deur ons tot uitvoer kan bring. Elke Christen landbouer móét dus op een of ander manier betrokke raak.
5. Dat grondregte vir God belangrik is: die beskerming sowel as die herstel daarvan.
6. Dat die rol en betrokkenheid van God én Satan én die mens deurentyd in gedagte gehou moet word wanneer daar na oplossings vir die grondprobleem gesoek word. Die probleem moet gelyktydig gebruik, bestry en aanvaar word en eensydige reaksies moet van die hand gewys word.
7. Dat God dikwels aan sy kinders opdragte gee wat nie logies sin maak nie. Dinge wat slegs moontlik is indien hulle **glo** dat Hy wonders kan en wil doen om dit vir hulle moontlik te maak om sy opdrag uit te voer. Dit is heel moontlik ook wat gaan gebeur ten

opsigte van grondhervorming. Gehoorsaamheid aan God vra kinderlike geloof in Hom.

8. Dat die oplossing van baie probleme in die landbou lê in die bou van hegte vriendskappe tussen landbouers. Nie selfsugtige vriendskappe met die oog op persoonlike wins nie, maar vriendskappe waarin landbouers mekaar dien en help om dié mense te word en te wees wat God hulle bestem het om te wees.
9. Dat gemeentes en kerke op die platteland doelgerigte leiding móét neem in die herstel en bou van verhoudings tussen plaaslike gemeentes, bevolkingsgroepe, werkgewers en werknemers, asook tussen landbouers in die algemeen.
10. Dat kennis en vaardighede éérs aan 'n nuwe geslag landbouers oorgedra moet word vóórdat die alleen-verantwoordelikheid op hulle skouers geplaas word om 'n landboubesigheid suksesvol te bedryf, of landbougrond produktief te benut. Ons glo dis liefdeloos, onverantwoordelik en onregverdig om eers verantwoordelikheid op iemand te plaas, en dan agterna, wanneer hy/sy reeds seergekry het, kennis en vaardighede te wil oordra.
11. Dat, ten opsigte van grondhervorming, elkeen wat grond besit die opsie biddend móét oorweeg om 'n deel van sy/haar grond, of 'n aandeel daarin, te gee aan mense (veral medegelowiges) wat die wil en die vermoë het om alleen, of saam met hom/haar te boer.
12. Dat dinge in die regte volgorde gedoen moet word: Eers geloof en gehoorsaamheid aan God, dan somme. Vir God is enige iets moontlik. Daarom mag ons nie eers somme maak en dan besluit of dit logies sin maak om Hom te gehoorsaam nie. Ons moet Hom in geloof gehoorsaam en as ons dan agterna ons somme maak, sal ons ontdek dat niks vir Hom onmoontlik is nie.
13. Dat daar op 'n verantwoordelike wyse gegee móét word en dat die gevare van kitsrykdom vermy móét word. Begunstigdes moet éérs bemagtig word om op 'n verantwoordelike wyse te ontvang en dit wat hulle kry, te gebruik vir die doel waarvoor dit aan hulle gegee is. "Eers kennis in die kop, dan grond en geld in die hand."
14. Daar is slegs een manier om die oorwinning wat Christus oor die afgod, Gierigheid, behaal het, effek in ons lewe te gee, en dit is om presies die teenoorgestelde te doen: GEE! Daar is slegs een manier

om die gees van "land grabbing" in Afrika te vernietig, en dit is deur grond te gee.

15. Dat, in die keuse van begunstigdes vir landbougrond, daar altyd gesoek móét word na mense wat getrou was en is in die klein dingetjies. Grondhervorming is immers nie in die eerste plek 'n barmhartigheidsaksie nie, maar die skep van 'n geleentheid vir iemand om ekonomies selfstandig te word, self werksgeleenthede te skep en 'n bydrae tot voedselsekerheid te lewer.
16. Dat ons geroep is om die landbou en landbougemeenskap in Afrika te dien en so die lot, maar ook die beeld van Afrika te verander.
17. Dat beide die regering en die landbou 'n belangrike en unieke bydrae tot grondhervorming móét lewer, maar dat elkeen ook 'n beperkte verantwoordelikheid het. Wanneer hulle, in plaas daarvan om hande te vat en saam te werk, gedurig op mekaar se unieke terreine inmeng, stel dit die landboubedryf aan onnodige spanning en konflik bloot.

As Christen landbouers erken en bely ons:

18. Dat Apartheid en die gepaardgaande diskriminerende wette ten opsigte van grondregte, op een of ander manier van ons almal slagoffers gemaak het. Ons erken en bely dat dié stelsel en wette verhoudings verpletter het; ons Christelike getuienis ongeloofwaardig gemaak het; baie mense ekonomies benadeel het; groot fisiese ontwrigting tot gevolg gehad het en tot diep emosionele pyn en hartseer aanleiding gegee het. As Christen landbouers wat deur Apartheid van mekaar geskei is, vra ons opreg vergifnis aan almal wat deur ons toedoen veronreg is, maar ons bied ook ons onvoorwaardelike vergifnis aan, aan almal wat óns seergemaak het. Ons spreek hulle vry sodat ons sáám kan soek na wen-wen-oplossings vir die pad vorentoe en sáám kan bou aan die koninkryk van God in die landbou.

As Christen landbouers:

19. Onderneem ons om nie net aan ons eie belange te dink nie, maar ook aan dit wat in belang van die Koninkryk van God en die mense van Afrika is.
20. Onderwerp ons ons aan die gesag van die owerheid, omdat ons glo dat God die owerheid oor ons aangestel het.
21. Aanvaar ons ook ons deurlopende verantwoordelikheid om vir die owerheid en almal wat gesag uitoefen, te bid.
22. Verklaar ons onsself bereid om die owerheid te dien met kundige, onpartydige en Bybels verantwoordbare advies ten opsigte van landbou-aangeleenthede.
23. Is ons bereid om alles binne ons vermoë te doen om alle verhoudinge wat 'n direkte invloed op die landbou en landbougemeenskap het, te herstel en te bou.
24. Dring ons egter ook daarop aan dat die owerheid 'n effektiewe diens aan die landbou en landbougemeenskap lewer.
25. Verwag ons ook insig en begrip ten opsigte van die unieke aard van boerdery en die talle risiko's waaraan dit blootgestel is.
26. Verlang ons die nodige ondersteuning om te verseker dat Suid-Afrika en Afrika nie net voedselsekerheid sal hê nie, maar ook voedselvryheid* sal geniet. (*selfvoorsienend in basiese voedselbehoeftes sodat ons nie gemanipuleer kan word deur lande wat voedsel uitvoer nie.)

Crown Financial Ministries gee 'n reeks van ses DVD's plus 'n handleiding uit met die titel: ***God Provides.*** Elke DVD bestaan uit 'n kort film (ongeveer 15 minute) oor die toepaslike skrifgedeelte, gevolg deur 'n paar besprekingsvrae en 'n kort boodskap van 3-4 minute. Die inhoud van die reeks sluit baie goed aan by die oordenkings van Dag 31-37 en is geskik vir gebruik deur kleingroepe. Hoewel die hele reeks van toepassing is, word jy aangemoedig om ten minste die twee DVD's oor Abraham te kyk (nommers 3 en 4).

Om die DVD's te kyk of te bestel, besoek www.crown.org.za/GodProvides

Kan ons op jou ondersteuning reken?

Christene is die sout van die aarde en lig vir die wêreld. Hierdie verantwoordelikheid kan ons nie in die geheim nakom nie. Christus moet openlik voor mense bely word. Lees Matteus 5:13-16 en 10:32-33. Ons moet ons standpunt duidelik stel, ook wat Grondhervorming aanbetref.

Naas gebed, is die doel van Gebedsfokus 2010 om die gesprek oor Grondhervorming positief te beïnvloed en gelowiges toe te rus om na wen-wen-oplossings vir die vraagstuk te soek. Die gesprek gaan dus voort en die standpunt wat geformuleer is, is nie noodwendig finaal, volledig of omvattend genoeg nie. Jy het nog die geleentheid om ook jóú insette te lewer.

Indien jy jou egter in breë trekke met die inhoud van hierdie Gebedsfokus vereenselwig en graag die samevattende (voorlopige) standpunt aan die einde wil ondersteun, bied ons jou die geleentheid om dit te doen. Stuur 'n **SMS** met die volgende besonderhede **aan** 39133

Grond + jou naam, van, beroep, e-pos en landpos adresse.

Slegs jou **naam en van** sal op ons openbare lys geplaas word. Géén ander besonderhede nie! *AMOS* onderneem om nie jou besonderhede aan enige iemand beskikbaar te stel sonder jou toestemming nie. Verenigings, kerkrade, instansies, ensovoorts is welkom om as groep van hulle laat hoor.

Indien jy aan die *AMOS* debat oor Grondhervorming en Transformasie wil deelneem, kan jy jou bydrae stuur aan land@amosafrica.net Hou asseblief alle bydraes kort en bondig – verkieslik nie meer as 300 woorde nie. Neem kennis dat ons moontlik jou bydrae op ons webtuiste kan publiseer.

Ons hoor graag van jou!

Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdiens, allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*, wat landbou-bediening beteken.

AMOS se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorvloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met hierdie logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.

Amos Agrimin se kernbesigheid

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:

LEEF EN BOER SOOS GOD WIL

Amos Agrimin

Abrahamskraalpad
Bain's Vlei

Posbus 17270, Bain's Vlei 9338, Bloemfontein
Suid Afrika

+27 (0)51 451 1874 / 1981
+27 (0)51 451 1598
+27 (0)82 326 6699

info@amosafrica.net
www.amosafrica.net

Amos Agrimin
Eerste Nasionale Bank, Brandwag
Takkode: 230 534
Rekeningnommer: 5299 000 8842

AMOS
agrimin